# *Die Onfeilbare Werklikhede Van Die Lewende God*

Breeding, Kentucky; moet om twee-uur daar wees vir 'n begrafnisdiens, om te begrawe 'n . . . Henry Branham, wat 'n neef van my is, sy vrou is oorlede. En haar laaste versoek, dat ek haar begrafnisdiens sou hou. En dis by Breeding, Kentucky. Dis omtrent 'n honderd-en-vyftig of sestig myl, dink ek, ondertoe, of so-iets, onder na die suide toe. En ek sal 'n bietjie vroeg moet vertrek, omdat ek daarnatoe moet gaan.

2 En dan kom ons dan terug vanaand, en vertrek môremiddag. Ons is . . . Ek's veronderstel om in Tulsa te wees, vir volgende week, by Tulsa, Oklahoma. Maar ek sal nie kan gaan voor Dinsdag, na Tulsa nie. En dan kom ons Saterdagaand terug, terug wees teen Saterdagaand.

3 En dan Sondagoggend, volgende Sondagoggend, omstreeks drie-uur, vertrek ons na die Weste, en dan sal ons nie weer terug wees voor hierdie herfs nie, wanneer ek terugkom en my familie kry en dinge; en ons sal terug wees een of ander tyd hierdie herfs, as die Here wil. En ek wil sekerlik die kerk vra om vir my te bid.

4 En ek wou sien of ek hier kon wees. Laat ons sien, dit sal nie nagmaalsaand wees nie, of sal dit? [Broer Neville sê: "Nee."—Red.] Nee. Ek was hier die vorige nagmaalsaand. Maar het nie teruggekom vir . . . Ek sal nie betyds hier wees vir hierdie nagmaal nie. Dit sal volgende Sondagaand wees, ["Ja."] sal die nagmaal wees? Ek wil dit altyd graag onderhou, sien. Altyd, soos julle dit eet en drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy weer kom.

5 [Broer Neville sê: "Broer Branham?"] Ja. ["Sal jy aankondig dat, Suster Edith se verjaarsdag, ons 'n byeenkomsie gaan hê daaronder volgende Vrydagaand."] Wel dis baie gaaf. Suster Edith Wright het een dag jonger geword. En sy . . . Hulle gaan 'n byeenkomsie onder by haar huis hou volgende Vrydagaand. Wel hoe gaaf! Goed. Is die publiek uitgenooi? ["Enigiemand."] Publiek word uitgenooi na Suster Edith se verjaarsdag van . . . Sy sal omtrent agtien wees; is dit reg, Suster Edith?

6 Omtrent soos ek nou die dag gesê het, ek het gesê: "Julle weet, ek's net oor vyf-en-twintig."

En 'n kêrel het omgekyk, gesê: "Ja?"

7 En ek het gesê: "My tweede keer."

8 [Iemand sê: "Broer Branham!"—Red.] Wanneer? Sal nege-en-dertig word. Goeiste, dit kan nie moontlik wees nie, nie waar nie?

Nege-en-dertig. Ek verwys altyd na haar as 'n klein dogterjie, julle weet, omdat toe ek Edith die eerste keer geken het, dink ek dis . . . Edith, laat ons sien, ek ken jou, ek reken, omtrent iets oor die twintig jaar nou, reken ek, vyf-en-twintig jaar, miskien agt-en-twintig.

9 Julle sien, ek preek al omtrent een-en-dertig jaar, dink ek, so ek dink ek het jou geken net amper onmiddellik na ek begin preek het, die Wright familie. So, so dankbaar dat ek daardie mense geken het. Hulle was beslis inspirasie in my lewe.

10 En as die Wright familie sou heengaan na die Ewigheid, en ek het steeds gelewe, sou ek nie by daardie plek kon verbygaan sonder om my hoed af te haal nie, om te dink aan die groot dinge wat God teen daardie heuwel daaronder gedoen het nie! O, goeiste! Dis waar, o, alles wat net daaronder plaasgevind het. En ek het daar gesien, plaasvind, van die Engel van die Here wat besoek bring aan Georgie Carter. Die plek neem waar Hy my gelei het aan die kant van die heuwel daardie aand, met die gif-klimop goed. En toe het Hy my daar oorkant ontmoet ook in die visioen, en afgeskyn uit die kornoelie bosse. Hulle . . . O, goeiste, net soveel dinge het plaasgevind.

11 Broer Wright wat op sterwe gelê het, toe al die dokters verbygegaan het. En sy kerklidmate daaronder, wat vir hom sê: "Gaan kry nou jou Goddelike geneser."

12 Ek wat op die heuwel sit, wat ween vir vier dae, vir hom bid. Die Here het 'n visioen gespreek, gesê: "Gaan sê vir hom SO SPREEK DIE HERE. Hy sal die man begrawe wat hom bespot." En hy het. Dis reg. En al die dinge wat was.

13 En dan daar waar die Heilige Gees, vir die eerste keer in die geskiedenis van—van die Kerk, wat ek dit ooit sien gebeur het, toe Hy gespreek het met . . . daardie eekhorinkies in ontstaan. Ook, vir Suster Hattie enigiets gegee waarvoor sy gevra het, ongeag wat dit was, geld of enigiets anders, gesê: "Dit sal net nou in jou skoot geplaas word." Sy het gevra vir die siele van haar twee seuns. En God het hulle vir haar gegee. En net soveel dinge wat daaronder op die heuwel gebeur het. God seën hulle, is my gebed.

14 Sê, klein Sharon Rose is siek hier, klein Sharon Rose Daulton. Waar is Sharon Rose? Is . . . Sy het pas uitgegaan. Uh-huh. Goed, ons gaan . . .

15 ['n Broer praat met Broer Branham—Red.] Hoe sê? [Die broer praat weer] Wel, jy weet wat, laat ons nou vir hulle bid.

16 Want, ek sal vir julle vertel wat ek moet doen. Sodra ek kan klaarkry, wil ek gaan na, ek moet onder in Kentucky kom. En ek het . . . Wel, as dit 'n honderd-en-vyftig myl is, ek weet nie. Dis Breeding, Kentucky. Ek het nie enige idee hoe ver dit is nie. Jy gaan die heelpad af met die tolhek, en dan omtrent dieselfde afstand, of weer 'n bietjie verder, aan verder deur, onder by Broer

Beeler se plek, en aan deur daardie stad, en nog 'n stad, en nog 'n stad, en nog 'n stad, na 'n klein kerkie wat my oupa gebou het, 'n Metodiste kerkie waarin ek gepreek het vyf-en-twintig, dertig jaar gelede.

17 En hierdie dame moet daaruit begrawe word. Sy was 'n verpleegster. En sy het skielik gesterf, en haar laaste versoek was—was vir my om haar begrafnis te preek. En toe het party van my mense gister gekom en gevra of ek dit sou gaan doen, en ek—ek kon hulle net nie weier; hy wat daar sit en huil het, gesê het: "Dis haar laaste versoek," nie. So dit was moeilik, julle weet. En ek het net gesê: "Wel, ek wil afgaan na die kerk, en ek wil die mense daar sien, en dit dan neem, ook." So, ek moet net soort van opskud om dit te kry, so julle verstaan.

18 Nou terwyl hulle kry, ek glo, Broer Daulton . . . [Iemand sê die kind het "na die toilet toe gegaan."—Red.] O, wel, dis alles reg. Dis net, ons sal net 'n oomblik wag tot . . .

19 Bring jy vir klein Janice hiernatoe. En enigiemand anders wat wil kom om voor gebid te word, dis alles reg. En ons is . . .

20 Hoe gaan dit, Janice? Goeiste, hier is—hier is 'n gawe dame. Kom hier. Die rede waarom sy so mooi is, dit is my suster se kind. En ek wil *hier* na agter toe gaan sodat die mense my kan hoor, wat ek sê. Nou, hierdie skatjie, sy het 'n gesonde moeder en 'n gesonde vader, maar iets het gebeur met hierdie kind. Sy is delikaat, baie delikaat, en klein en skraal. Lieftallig soos sy kan wees; en, natuurlik, julle weet ek sou so dink. Maar daar is altyd iets verkeerd met hierdie kind. Satan probeer die kind neem. En miskien het God Sy hand op die kind, sien. Ons kan dophou, wanneer jy Satan sien werk. Dis net, kyk, daar is iets wat daar iewers lê. Nou sy is al siek vir 'n paar dae.

21 Ek het nie soontoe gegaan nie, omdat ek nie geweet het of sy gesond geword het of nie. Ek moes na Florida en oral gaan.

22 En, maar sy het 'n koors ontwikkel. Is dit nie reg nie, sussie? Sy het 'n verskriklike koors wat oor haar kom, en omtrent 'n honderd-en- [Iemand sê: "Drie."—Red.] 'n Honderd-en-drie, dit maak vyf grade koors. Die dokters weet nie wat dit is nie. En hulle dink soort van dis rumatiekkoors. As dit rumatiekkoors is, mag dit haar hart in 'n vreeslike toestand laat, soos waaraan haar oom oorlede is. Maar ek gaan die lewe van hierdie kind eis vir Jesus Christus, sien.

23 En julle weet Dawid, soos ek eenmaal tevore gesê het, hier. Dawid het vir Saul gesê, hy het gesê . . . Saul wou vir hom 'n wapenrusting en 'n spies gegee het, om Góliat die reus, mee te beveg. Hy het gesê: "Ek—ek—ek weet niks van daardie dinge af nie," het hy gesê: "maar laat ek hierdie slingervel neem, wat ek bewys het, jy sien." En hy het gesê: "'n Leeu wat gekom het, het een van my vader se skape gevang. En ek het agter hom

aangegaan, met hierdie slingervel, en hom gekry. En ek het die skaap teruggebring."

24 Nou, hierdie is ook skape, lammers en skape, God se skape. Nou laat ons agter hulle aangaan vanmôre, as die Kerk van God, om hulle terug te bring. Nou die dokter weet nie wat om vir die kind te doen nie.

25 En ek dink Broer Ed se dogtertjie, het ook een of ander gevorderde asmatoestand of iets.

26 Wel, ek glo dat Jesus dit gesê het: "Ek gee vir julle die sleutels van die Koninkryk. Wat julle ook al bind op aarde, sal in die Hemel gebonde wees. Wat julle ontbind op aarde, sal ongebonde wees in die Hemel." Ons glo dit, met ons hele hart. Nou, God gee ons geloof om dit te glo met ons hele hart, soos ons bid.

27 Ons Hemelse Vader, ek hou hier hierdie delikate blommetjie van die Weber familie, lieftallig, broos, delikaat. En die geneeshere, hulle is getrou; hulle probeer met alles wat hulle weet hoe, om te probeer uitvind wat fout is met die kind, maar hulle kan dit nie doen nie. En ek hou haar hand vas, en ek glo nie sy het enige rumatiekkoors nie. Ek glo, as dit so was, sou U vir my sê. Ek glo dis Satan wat hierdie kind se lewe probeer inneem. En ons eis haar vanmôre, vir die Koninkryk van God.

28 Jou vyand van die menslike lewe, jou vyand van God Almagtig, ek kom in die plek van hierdie kind, om jou uit haar uit te werp. In die Naam van Jesus Christus, verlaat jy hierdie kindjie. Jy mag in staat wees om van die dokter te ontsnap, maar jy kan nie van God ontsnap nie. Hierdie gebed van geloof is gerig, in die Naam van die Here Jesus, om jou te tref in hierdie kind se liggaam. En Dit sal daardie lewensbelangrike plek tref, waar jy ook al versteek is, en jy sal ontdek word en uitgebring word. En die kind sal lewe en gesond wees, want ons bring haar in Jesus Christus se Naam, vir haar genesing. Amen.

29 Delores, ek sal geensins verder daaroor bekommerd wees nie. Ja. Janice gaan regkom, en dis dit.

30 Dan het ons klein Daulton hier. Is hulle nie 'n skat nie! Wat 'n lieftallige dingetjie! Goeiste, jy's baie swaar! [Broer Branham lag—Red.] Is dit nie 'n skatjie nie, 'n ware Ierse meisietjie met blou oë en swart hare. En sy hyg net, haar longetjies en alles. Sy het 'n asma ontwikkel, soort van, in haar keel.

31 O Here, 'n leeu en 'n beer het ingekom, het Dawid gesê, en party van die vader se lammers gevang, en hy het agter hulle aangegaan, en hy was in staat om daardie leeu en daardie beer te verslaan. En ons kom vanmôre as gelowiges (soos Dawid was) in die God van die Hemel, Wie die Hemel en aarde gemaak het, kom vir hierdie kind, in die Naam van Jesus Christus.

32 En, Satan, jy wat hierdie kind siek gemaak het, jy sal haar moet loslaat, want ons beveel jou om die kind los te laat, sodat

sy gesond kan wees. Ek bestraf jou, Satan, en beveel jou deur die opstanding van Jesus Christus die Seun van God, Wie oor jou getriomfeer het, en al jou magte is verbreek. En jy het geen magte nie. En ek triomfeer oor jou, deur geloof in die Naam van Jesus Christus, Wie die Seun van God is, Wie ons opdrag gegee het deur hierdie Evangelie, dat in Sy Naam ons jou moet uitdryf; dis ’n opdrag gegee deur Christus. Jy sal haar verlaat. Want, ons beveel jou, in die Naam van Jesus Christus, om die kind te verlaat. En sy sal gesond word.

33 Nou moet jy nie enigsins twyfel nie, Suster Daulton. Moet jou nie meer bekommer nie. God het so gesê, dit handel dit af.

34 Wie is hierdie enetjie? [Iemand sê: “Lisa Wilson. Sy het ’n vergroeisel.”—Red.] O, ’n vergroeisel oor haar oog. Nou sy is amper ’n jong dame. Ek weet nie of ek haar kan optel of nie. Maar sy is baie mooi. Haar naam is Wilson. Lela, Lela? [“Lisa.”] Lisa Wilson. Is sy nie ’n pragtige dingetjie nie? Sy het ’n vergroeisel oor haar oog. Wel, Jesus genees vergroeisels, genees Hy nie? [Hy doen dit beslis!”] Hy sal moet sterf. [“Dis nie kwaadaardig nie?”] Wel, dis—dis net ’n vetgewassie, dis los, dit het nie enige wortels nie . . .?. . . [“Dit groei nou, egter.”] Laat ons bid.

35 O Here, ons bring hierdie skatjie na U toe, in die Naam van die Here Jesus, en hou haar, as ’n onskuldige kind, in die Teenwoordigheid van God. En die duiwel het hierdie kwaad aan haar gedoen, en wil haar oog verblind, daarmee, as hy kon, maar U is meer as sterk genoeg vir hom.

36 Ons beveel jou, Satan, deur die Naam van Jesus Christus, Wie oor jou getriomfeer het en al jou siektes wat jy op mense plaas. Ons beveel jou, in Sy Naam, deur ’n opdrag gegee deur ’n Engel, gestuur van God, dat jy weggaan van hierdie kind, en sy gesond word, deur Jesus Christus se Naam. Amen.

37 Seën jou Lisatjie. Ek sou glad nie meer twyfel nie. Glo net dit sal alles reg wees.

38 Goed, Suster Bruce. Nou julle, as julle sal, hierdie vroue wat hier staan, Joyce, beweeg net ’n bietjie nader hier, sodat die mense kan inkom. Broer Neville, kom jy, as jy sal, en salf hulle met olie.

[Broer Neville salf die mense met olie, en sê: “In die Naam van Jesus. Halleluja!”—Red.]

[’n Suster sê: “Ek wil in die plek van my dogter staan.”—Red.] In die plek van jou dogter. [“*Daardie* meisie staan in plek van my niggie.”] In plek van jou niggie. Niggie; dogter.

En wat is joune, suster? [’n Suster sê: “My seun, . . .?. . . oorgegee aan God.”—Red.]

Hierdie stellings bekend aan die mense.

39 Natuurlik, ons suster *hier* is kreupel, ek sien dit. Dis artitis, is dit nie, suster? [Iemand sê: "'n Gebreekte heup, en het 'n beroerte gehad."—Red.] 'n Gebreekte heup, en het 'n beroerte gehad.

40 *Hierdie* dame hier het 'n drukking aan die agterkant van haar kop, soos iemand se hand wat dit druk.

41 Suster Bruce het haar been seergemaak, en sy is ook . . . [Suster Bruce praat met Broer Branham—Red.] Sy is steeds in die hospitaal. ["Ek's ontslaan . . .?. . ."] Het jy geval of iets? [Ek is van die roltrap afgestamp . . .?. . ."] Dis een van ons susters hier by die kerk. Sy is van 'n roltrap afgestamp, en sy is eintlik in die hospitaal. Is dit gebreek? [Suster Bruce antwoord.] O, die slagare en bloedvate, ensovoorts. Dan, sy staan vir 'n paar, 'n paar geliefdes.

42 En hierdie drie dames hier staan vir geliefdes, sodat ons nou sal weet wanneer ons bid. Nou laat ons ons hoofde buig, almal.

43 O Here Jesus, hierdie versoeke is bekend gemaak. En die Bybel het gesê: "Maak julle versoeke bekend in die vergadering van die heiliges." Hier is diegene wat bid vir geliefdes, wie sommige ernstig siek is, sommige geestesversteurd, wat ontken daar is 'n lewende God, en, ander toestande. Daar is ons suster hier met 'n gekneusde been in 'n ernstige toestand, pas hier uit die hospitaal uitgekom, vanmôre. 'n Suster wat so 'n drukking aan die agterkant van haar kop het. En 'n suster wat 'n gebreekte heup en 'n beroerte het. Hulle is almal hier, Here. Hulle bring hulle versoeke, en staan voor die altaar van God; met salwingsolie wat blink op hulle hoofde, dit verteenwoordig die Heilige Gees. Ek staan in die eenvoud van die kennis wat ek het van Jesus Christus en Sy Woord, en ek vra vir elkeen van hulle.

44 God, soos ek my hande op hulle lê, mag hulle versoeke aan hulle toegestaan word. Skenk dit, O God, in die Naam van Jesus. Mag dit so wees, Vader, vir ons Suster Gertie, in die Naam van Jesus. Ook vir Suster Bruce, Here, mag dit so wees, haar versoek, haar knie en haar ledemate. Vir ons suster met die toestand agter in haar kop; mag dit so wees, Here, in die Naam van Jesus, en sy verlos mag word daarvan. Mag Satan sy hande afhaal van die agterkant van haar nek. Skenk dit. En ons suster wat beide verlam is, 'n beroerte gehad het, en 'n gebreekte heup het.

45 Here, sommige van hulle mag baie gering lyk, en sommige van hulle baie groot, maar nie een van hulle is te gering of te groot vir U nie. U is God, oor alles. En ek bid en verlos hulle deur gebed van geloof, elkeen van hulle; Here, as U dienskneg, om die magte van—van twyfel of enigiets bo hulle te verbreek. Ek gee vir hulle hulle verlossing, in die Naam van Jesus Christus. Mag elkeen van hulle presies ontvang waarvoor hulle gevra het. En soos hierdie kerk, 'n eenheid van U Liggaam, nou in gebed is, verlos ons hulle in die Naam van Jesus Christus. Mag hulle Dit nou ontvang, tot U verheerliking. Amen.

46 God seën elkeen van julle, ontvang Dit nou. Gaan, ontvang julle genesings en seën.

47 Nou daar is geen twyfel in ons gedagtes nie. Is daar? Nie een twyfel nie. God gaan dit doen? Glo julle dit, almal? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God gaan dit doen. Almal. . . Hy gaan nie enigiets ongedaan laat nie, Hy gaan presies doen wat ons Hom gevra het om te doen. Want, Hy kan nie enigiets anders doen en God bly nie, sien. As ons nie twyfel nie, sal Hy dit vir ons gee.

48 Nou moenie vergeet om vir iemand te bid wat regtig gebed nodig het nie. Julle almal weet wie dit is? Dis ek. Ja, ek's die een wat gebed nodig het. Tree in die bresse nou, en gaan op groot lang reeks dienste, regdeur Kalifornië, Oregon, Washington, en rondom in Oklahoma en verskillende plekke. Mense gaan uit Kanada kom, en alles. En ek moet in die bresse tree, met verskille van predikers en opinies, en magte van die duiwel; en die end, endtyd wat naderkom.

49 En iemand het net nou die dag gesê, na my huis toe gekom. Dit was 'n—'n dame, ingevlieg van Duitsland, en nog 'n persoon gekom vanaf so-en-so, gesê die Here het gesê hulle moet kom, en hulle, *dit, dat,* iets *anders*. En iemand het oor die straat gekom, gesê: "Hoe verduur jy dit?" Sien?

Ek het gesê: "O, dis Sy genade." Amen.

50 Toe moes ek reg in 'n vliegtuig inspring, heelnag vlieg na Kalifornië of na Arizona, of, Florida. Teruggekom, en in 'n storm beland. Die duiwel het probeer om ons te laat val, julle weet. En die Here het ons ingebring. Toe die volgende oggend, gister, was ek veronderstel om te vertrek na Bakersfield, Kalifornië, vir 'n prediker noodgeval. En dit net. . . Ek kon dit net nie doen nie, dis al. En, sien, en dan kom jy by *sommige* uit, en jy—jy weet nie waarnatoe om te gaan van daar af nie, julle sien. Dis, hier is *hierdie* een, *hierdie* een, *hierdie* een, *hierdie* een, *hierdie* een, julle weet wat ek bedoel; en dan, watter een? En dit maak party seer as jy nie, as jy hulle nie almal sien nie, julle sien. En jy kan hulle nie almal sien nie. So jy moet net wag en, soos jy gelei voel, dan net gaan.

51 Ek wou 'n goeie kompliment van ons pastoor sê. In die hospitaal, gisteraand, met noodgeval, het ek geroep na Broer Wood en Charlie en hulle, dit was baie laat in die nag. 'n Sterwende dame wat gelê het, sterwend, haar susters en hulle was daar. En sy was bewusteloos vir 'n tydjie, wakker geword en die Here Jesus aanvaar. Ek het nog 'n man na die Here Jesus gelei, daaronder in Florida, 'n sondaar. En alle ure van die nag, en alles, met noodgevalle, jy—jy moet net somtyds 'n prediker volg om te weet. En ek het die mooiste opmerkings gehoor by die hospitaal, van ons pastoor wanneer hy soontoe kom, hoe hy die mense besoek en vir die siekes bid, en getrou op sy pos. Ek—ek waardeer dit so baie, om oor hierdie kudde, 'n dienskneg van die

Here te hê, wat getrou is op sy pos. Julle waardeer nie. . .Julle waardeer hom, julle doen dit sekerlik, maar ons. . . Daar is net een of ander manier wat ons dit meer te kan betuig, julle sien, aan 'n getroue dienskneg van die Here.

52 Iemand het my nie lank gelede nie gevra, by Chautauqua, ons laaste diens: "Broer Branham, hoe gaan jy voort soos daardie?"

53 En ek het gesê: "Hier is Gene Goad, Pat Tyler, en 'n hele klomp van hulle soos hierdie kêrels hier, wanneer ek in een van daardie dienste is; lê op hulle gesig, en vas vir dae en eet nie eers nie, en bid en alles, vir my." Dit is wat my laat voortgaan. Sien? Dis die krag. Hulle hulp kom van die Here. Broer Daulton, o, net soveel van hulle, van vriende wat net vas en bid, hulle maaltye weier en dinge, en vas en bid.

54 Nou as Broer Gene, agter in die agterkant, gereed is vir die opname, nou sal ek. Broer Neville sal voortgaan met die dienste net na 'n rukkie. Ek wil net preek vir 'n kort rukkie.

55 En nou as ek moontlik kan terugkom, Edith, skat, gehoor het dat jou verjaarsdagpartytjie Vrydagaand is; as ek betyds kan terugkom van Oklahoma af, sal ek daar wees, sien, Vrydagaand, as ek moontlik kan.

56 En nou terwyl ons weg is, bid julle almal vir ons. En is—is gesê in die Bybel: "Die Here hou wag tussen my en jou, terwyl ons mekaar nie meer sien nie." En mag Hy dit doen, en julle beskerm en seën, en my beskerm en seën, en ons albei help om die beste te lewe wat ons kan tot Sy diens, tot ons weer ontmoet. En ek sal staatmaak op julle gebede wanneer ek buite op die veld is daarbuite, om die vyand te ontmoet. So, bid julle vir ons. Al julle predikerbroers, Broer Humes en Broer Beeler, en soveel andere van julle hier, bid net vir my. Julle verstaan.

57 Nou wil ons blaai in die boek van Johannes, die 4de hoofstuk. En ek wil praat vanmôre, as die Here wil, oor die onderwerp naamlik: *Die Onfeilbare Werklikhede Van Die Lewende God.*

58 Ek wil lees vanaf die 14de vers, 23ste ingeslote, van Johannes die 4de hoofstuk. Ons luister nou in op 'n gesprek, van Jesus wat praat met die vrou by die put. Johannes, die 4de hoofstuk, 14de vers, insluitende die 23ste.

> *Maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie, maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewigdurende lewe.*

59 Nou die woord daar is regtig nie *ewigdurende* [Eng. "*everlasting*."—Vert.] nie, julle sal 'n klein merkie daarop sien as dit is in, as julle 'n King James Bybel het. In die oorspronklike, sê: "tot Ewige Lewe." *Ewigdurend* is net 'n tydjie. *Ewig* is vir ewig.

. . . *opspring tot in die* Ewige Lewe.

*Die vrou sê vir Hom: "Here, gee my daardie water, sodat ek nie dors kry en hier hoef te kom skep nie.*

*Jesus* het *vir haar* gesê*: Gaan roep jou man en kom hier.*

*Die vrou antwoord en sê: Ek het nie 'n man nie. Jesus sê vir haar: Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie;*

*Want jy het vyf mans gehad; en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Dit het jy met waarheid gesê.*

*Die vrou* het *vir Hom* gesê*: Here ek sien dat U 'n profeet is.*

*Ons vaders het op hierdie berg aanbid, en* jy *sê dat die plek waar ons behoort te aanbid, in Jerusalem is.*

*Jesus* het *vir haar* gesê: *Vrou, glo My, daar kom 'n uur wanneer* jy *nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem die Vader sal aanbid nie.*

*Julle aanbid wat* jy *nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode.*

*Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die vader soek ook mense wat Hom só aanbid.*

60 In die dae van Jesus van Násaret, toe Hy hier op aarde was, gewandel het in die vlees, het Hy die mense gevind, in Sy dag, op soek na 'n godsdiens wat vir hulle verlossing sou bring. Hulle wou 'n godsdiens hê wat hulle sou verlos van al hulle booshede en hulle vyande. En Christendom het alles voorsien in elke uitdaging wat hulle gevra het. Christendom het alles veskaf waarvoor hulle nodig gehad het, en alles waarvoor hulle gevra het. Dit het elkeen van hulle behoeftes bevredig, maar hulle wou Dit nie ontvang nie.

61 En dit is omtrent dieselfde as wat dit vandag is. Ons vind mense vandag, soos dit toe was, wat soek na 'n godsdiens wat iets vir hulle sal doen, wat—wat werklikheid vir hulle sal bring. En ware egte Christendom voorsien in elkeen van daardie uitdagings, maar hulle wil Dit nie ontvang nie. Hulle wil Dit net nie hê nie. Die geaardheid van die mense vandag. Ek praat nie van die wedergebore Kerk nie. Ek praat van die volk en land, as geheel. Hulle wil Dit blykbaar nie hê nie.

62 As jy enigiets wil hê, kan jy net nie rus voordat jy dit kry nie. Jesus het gesê, in die saligsprekinge: "Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal gevul word." As hulle honger en dors!

63 Maar vandag probeer ons mense iets gee wat hulle regtig nodig het, en hulle wil Dit nie aanvaar nie. Hulle wil Dit net nie hê nie. En die gesindheid van die mense het nie verander nie. En tog is dit presies wat die wêreld vandag nodig het, is die

godsdiens van Jesus Christus, verlossing van die dinge waarvoor hulle bang is en vrees, en nodig het om van verlos te word.

64 In die dae toe Hy op aarde was, een van die redes waarom hulle nie Jesus van Násaret kon ontvang, en Hom glo en—en hulle verlossing kon ontvang nie, omdat dit te ongewoon vir hulle was. Dit was. Hy het Sy verlossing gebring. God het vir hulle verlossing gestuur. En dit was so ongewoon vir hulle, dat hulle—hulle dit nie wou aanvaar nie, omdat dit nie net op die manier gekom het waaraan hulle gewoond was om godsdiens te ontvang nie.

65 En dis 'n baie besondere toestand wat vandag nog dieselfde bestaan, baie treffend om die ooreenkoms daarvan te sien. Die mense van vandag wonder: "Waar is die God wat die Skelfsee oopgemaak het? Waar is die God wat die melaatses gesond gemaak het? Waar is die God wat die gevangenes laat vlug het . . . vrygemaak het?" En tog is dit byderhand, en hulle wil Dit nie ontvang nie. Waarom? Dieselfde rede wat hulle gehad het. Dis te teenstrydig. Dis ongewoon. Hulle, hulle wil hê . . .

66 In daardie dag, as Hy vir hulle geloofsbelydenisse of een of ander vorm gebring het waardeur hulle moes gaan, een of ander rituele ensovoorts, sou hulle dit met graagte ontvang het. Maar omdat Hy Dit gebring het op die manier wat Hy het, wou die mense Dit nie ontvang in die vorm waarin Hy Dit gebring het nie.

67 Dit is net soos dit vandag is, presies dieselfde. Hulle, hulle wil Dit hê, maar hulle wil Dit nie ontvang op die vlak wat God Dit bring nie. En dis die enigste manier wat God het om Dit te bring. En ons kan nie God afbring na ons vlak van denke nie. Ons moet onsself oplig na Sy vlak van denke, en Hom ontmoet op die gronde wat Hy vir ons voorsien het om Hom op te ontmoet. Sien? Hulle wil verlossing hê.

68 Hulle het al hulle denominasionele geloofsbelydenisse gehad, en die Fariseërs, en die Sadduseërs, en die Herodiane, en wat nog, alle veskillende vorms van godsdienstige sektes. En elkeen, elkeen het syne gehad; dat hy nie in enige opstanding geglo het, of geen Engel of gees nie. Die ander een het geglo in beide, opstanding, Engel en gees. En een het geglo op 'n sekere manier was jy jou hande, en die manier wat jy doen.

69 Net soos dit vandag is. Nou as ons kon oprig, Christus in een of ander soort ding soos daardie kon kom, wel, die mense sou bly wees om dit te ontvang.

70 Maar wanneer Hy kom in Sy Krag van Sy opstanding, om mense te laat lewe en optree en hulleself gedra, en om—om hulle gesindhede te verander, om hulle weë te verander, om hulle lewenswyses te verander, wil hulle niks te doen hê daarmee nie.

71 Hulle wil lewe net soos wat hulle wil lewe. En hulle wil net so aanhou lewe op die manier wat hulle altyd gelewe het, maar tog baie godsdienstig, en kerk toe gaan en 'n lidmaat daarvan

wees, en hulle kan op Sondagoggend gaan of watter tyd dit ook al is; en ’n vyftien-minuut-preek van die pastoor kry; wat hulle sal wegstap van daar af, soort van halfpad tevrede dat hulle hulle godsdiens vir die week gedoen het. Dit handel dit af, gaan terug en doen enigiets wat hulle wil, die res van die week.

72 Nou, God het belowe in hierdie dae wat Hy sou doen. En ek wil graag enigiemand vra, enige prediker, enige plek, van een belofte wat God aan die Kerk gemaak het, en wat Hy gesê het hulle sou doen, behalwe wat die ware Kerk dit nou doen nie. Maar hulle wil dit nie hê nie. Hulle wil dit nie hê nie.

73 Jesus het God na menslike lewens toe gebring. God het mens geword. Toe Jesus gebore is, het God mens geword, sodat Hy gemeenskap kon hê met die mens en in die mens, om (wat?) een doel te bereik, dit is, om na die mens te bring wat God is; nie wat ’n kerk is nie, maar wat God is. Jesus het gekom dat Hy God aan die mens kon voorstel. En die mens wou dit nie hê nie.

74 Die Heilige Gees kom vandag, op soortgelyke wyse, om God aan die mense voor te stel; maar die mens wil kerk toe gaan. Dit—dit—dit verdoof sy—sy—sy denke. Hy kan—hy kan Dit nie begryp nie. En ons moet leer dat God nie geken word deur intellektuele begrip nie. God word geken deur die nuwe Geboorte, deur die Heilige Gees, nie deur enige ander manier nie. Jesus, die Bybel het dit duidelik vir ons aangehaal dat: “Niemand kan Jesus die Christus noem, behalwe deur die Heilige Gees nie.” En as jy nooit die Heilige Gees ontvang het nie, weet jy nie dat hy die Christus is nie, want dis die enigste manier wat Hy Homself openbaar.

75 Jy’s nie bekeer totdat jy die Heilige Gees ontvang nie. Die Bybel het so gesê. Nadat Petrus beide gered en heilig gemaak is, Krag gegee is om onrein geeste uit te dryf, en die Evangelie te preek; het Jesus vir hom duidelik gesê dat hy nie bekeer was totdat hy die Heilige Gees ontvang het nie. En Hy het gesê: “Nadat jy bekeer is, versterk dan jou broers.” Dit was op die aand van die verraad, wat hy nog nie bekeer was nie. En geen man is waarlik bekeer voordat hy verander is, en gesterf het vir homself, en die Heilige Gees beheer het van daardie persoon nie. Hulle wil dit nie doen nie.

76 Nou die Heilige Gees sal nie Ditself wangedra in een persoon, en Ditself gedra in ’n ander persoon nie. Dit sal elke persoon in Sy karakter laat inkom, sien, want Dis ’n Gees wat jou lei. Dit bring, maak jou onderdanig aan Sy geaardheid. Jy maak Dit nie onderdanig aan jou geaardheid nie; Dit maak jou onderdanig aan Sy geaardheid. En die Heilige Gees laat jou lewe en daarvan hou om dit te doen. O, hoe jy daarvan hou om die dinge van die wêreld op te gee, wanneer die Heilige Gees inkom! Hoe Dit jou reinig en jou was, en ’n begeerte in jou plaas om—om—om Hom te volg, en ’n dors en ’n honger vir meer Daarvan, net jouself baai. Hy bring werklikhede.

77 Nou, toe God die mens hier geplaas het, en in die dae van die Here Jesus, het Hy—Hy die mens 'n egte padkaart na Sy Krag gegee.

78 'n Padkaart is iets wat jou vertel, jou vertel waarnatoe jy oppad is, as jy wil gaan. Wanneer ons vertrek binne die volgende paar dae. . . Ek het die land soveel deurkruis, ek en my vrou was verbaas om te dink daaraan. Vir die laaste paar jaar, jy kon noem waarnatoe jy wil gaan, kon ek vir jou sê enige pad wat soontoe lei, en binne vyftien minute van die tyd wat jy sou arriveer, van hier tot Kalifornië. Ek het dit nie een keer gemis, in ek weet nie. . . Partymaal reg in die kol, sien, my tyd uitgewerk van wat die bestuurstyd is, en die gemiddelde tyd. Ek is net heen-en-weer, en op-en-af, en heen-en-weer, totdat jy dit net ken.

79 Dis hoe God wil hê ons moet Sy Woord ken. Ons ken Dit! Ons het Dit bewandel. Ons het Dit getoets. Ons het Dit beproef, en jy weet waarnatoe Dit lei. Nou, Sy padkaart is Sy Bybel. Die Bybel is die padkaart wat lei na die Krag van God; geloof lei jou na die Krag. Krag bring die belofte voort. Ons het Krag nodig.

80 Nou, 'n paar dae gelede, toe Suster Wood, en ek en my vrou, gesit het in die kamer, gepraat het oor die Doop. Daar is soveel van julle kosbare broers hier, dat ons dankbaar is teenoor God wat Hy die Heilige Gees gegee het, soos Broer Willard Collins daaragter, en—en ek dink Broer Hickerson, en—en hulle vroue, en Broer Charlie Cox en sy vrou, en—en Broer Mike Egan hieragter, en, o, hoeveel meer, wat die Heilige Gees ontvang het. En dit het 'n gesprek onder ons geword. O, mag Dit ons opwek na 'n plek waar ons sal gaan soek, honger en trek vir werklikhede van God. God is 'n werklikheid.

81 Nou, waarnatoe wys die padkaart ons? Hulle moes geweet het. Jesus het gesê in die dae toe Hy hier op die aarde was, Hy het gesê: "Julle geveinsdes!" Hy het gesê: "Julle kan wel die lug onderskei wanneer julle sê dit is laag en rooi, dat dit môre onweer gaan wees; en as dit mooiweer is, kan julle die lug onderskei; maar die tekens van die tye, kan julle nie onderskei nie. As julle My geken het, sou julle My dag geken het."

82 Het die Bybel nie gesê hierdie dinge sou plaasvind wanneer Hy kom nie? Het Jesaja die profeet nie daarvan geprofeteer nie? Het Jeremia nie, Eségiël, al die kleiner profete, nie daarvan gepraat nie? Alles, daardie padkaart wat reguit wys na daardie een bestemming! En toe Hy gekom het, het hulle hulle kerke en dinge geformuleer totdat hulle gefaal het om die werklikheid te sien waarvoor Hy gekom het; om God in die mens in te bring, om God in die mens te maak, om hulle weer saam te verenig.

83 Selfs Job, in die dae van sy beproewing, het hy uitgeroep: "O, as ek Hom net kon sien!" Met ander woorde: "As ek na Sy huis toe kon gaan en aan Sy deur klop! As ek iemand kon vind wat in die bresse kan tree vir my!" Gesê: "Ek weet ek het nie

gesondig nie. Maar tog, ek weet ek's regverdig, ek weet dat ek niks gedoen het nie, want ek staan op die brandoffer." Maar hy het werklikheid kortgekom. Hy het die vorm gehad, maar hy het werklikheid kortgekom. Hy het gesê: "O, as ek net Een kon vind Wie Sy hande op 'n sondige man en 'n heilige God kon plaas, en werklikheid na hom kan bring!" Terwyl, hy wat 'n profeet was en in die Gees, gesit het, sy swere gekrap het, het die Gees van die Here oor hom gekom, die weerlig het geflits, die donderweer het gebulder, en hy het geskree: "Ek weet my Verlosser lewe, en in die laaste dae sal Hy op hierdie aarde staan; selfs al sou die velwurms my liggaam vernietig, nogtans sal ek God uit my vlees aanskou!" Daar het julle dit, die werklikheid! "Hy sal eendag kom." Waarom kon nie . . . Die ou aardsvaders, en destyds daar, wat uitgesien het daarna!

84 En Jesus het gesê: "As julle My geken het, sou julle My dag geken het." Hy het gekom om God en die mens saam te verenig. Hy het gekom, daardie enigste Een. 'n Engel kon dit nie gedoen het nie. Niemand kon dit gedoen het behalwe Hy nie. Hy het gekom om die God en die mens, een te maak.

85 Hy het gesê: "In daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, die Vader in My; Ek in julle, en julle in My." Hy het gekom om God en die mens bymekaar te bring. Waar, die mens is 'n hulp vir God gemaak, en het self 'n god geword van die aarde. Dis reg. Maar hy het sy oorsprong verloor, deur sonde, en die bloed van bulle en bokke kon nie die versoening vir sy sonde maak nie. Maar die Bloed van Jesus Christus kon dit doen! O, hoe . . .

86 Sien, Hy, Hy wys die padkaart. Hy, Hy het Dit bewys. Die padkaart het reguit soontoe gelei. "As julle Moses geken het, sou julle My ook geken het. As julle die Woord geken het!"

87 Toe Satan Hom ontmoet het, het Satan Hom op 'n ompad probeer lei. Hy het die padkaart, Satan het, uitgehaal, en gesê: "Jy sien, hier sê Dit *hierdie* hier."

Hy het gesê: "Maar daar staan ook geskrywe . . . "

88 O, daar is baie ompaaie, dit, *dat*, of die *ander*. "O, solank ek *dit* doen." Dis nie dit nie! Jy, jy moet God vind in 'n persoonlike verhouding en ondervinding. As jy aanspraak maak om dit te hê, en steeds vir die wêreld lewe, dan is daar iets verkeerd. Die duiwel het jou op 'n ompad gelei met die verkeerde Skrif.

89 As ons die padkaart volg, as dit sê "draai op grootpad so-en-so hier," draai soontoe! As Handelinge 2:38 sê: "Bekeer, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van sondes," Dit het nie links gedraai nie; dat jy soontoe moet draai. Ek gee nie om hoe dit is nie, jy moet die pad volg. As Hy gesê het: "Die belofte is aan julle en julle kinders," beteken dit nie vir 'n vergange eeu nie. "Soveel as wat die Here onse God sal roep," is wat Dit gesê het! Dis God se padkaart. Ons moet Dit volg. Die pad is uitgemerk.

Jy sê: "Hoe sal ek weet ek's daarop?"

90 Die Bloederige voetspore van die Here Jesus het die pad gemaak, en die dissipels het op daardie selfde fondament gelê. En die Heilige Gees het hulle gerig. Volg daardie padkaart.

91 En 'n paar aande gelede, het iemand gesê: "Onder onderskeiding is Broer Branham in orde. Maar wanneer dit kom by sy teologie, is hy heeltemal uit." Enige persoon wat net sou weet dat die Bybel leer dat die einste woord *profeet* beteken "'n onderskeier van die Woord." Die tekens is net 'n —'n vermeerdering. Leraars, ensovoorts, kan die Woord onderrig. Maar wanneer jy iets sien kom wat bonatuurlik is, en sulke onderskeiding, bewys net dat dit die ding is. Dis God se Woord.

92 Jesus van Násaret, toe Hy hier op aarde was, het die mense Hom baiekeer gevolg vir visse en brode, ensovoorts, en wat hulle uit Hom kon uitkry. Hy het hulle laat voortgaan. Sy gewildheid het eenmaal hoog geword. En toe eendag het Hy 'n menigte bymekaar gekry, nadat Hy vyfduisend gevoed het, oorgegaan na die ander kant van die meer. 'n Klomp het agter Hom aangegaan, saam met Hom gekom. En Hy het gesê: "Waarom het julle gekom? Nie as gevolg van die wonderwerk nie, maar as gevolg van die visse en die brode, dis waarom julle gekom het." O, party van hulle het gedink hulle gaan iets mis, julle weet, as hulle—as hulle nie gaan kyk wat Hy gedoen het nie. Maar om Daaraan te raak? Nee, meneer.

93 Toe het Jesus, in daardie selfde 6de hoofstuk van Johannes, die Evangelie begin neerlê, en hulle was gekrenk deur Hom. En van daardie tyd af het Sy gewildheid begin doodgaan, afneem: "Hy was toe nie dieselfde Een nie."

94 En net soos 'n moderne prediker of iemand, as hulle sê: "Wel, wag 'n oomblik hier, jy—jy gee die mense aanstoot met jou prediking. Jy, jy moet dit nie doen nie." Nou 'n moderne prediker sou sê: "O, ja, miskien moet ek liewer kyk wat die—die—die geloofsbelydenis sê." Sien? "Miskien moet ek liewer kyk wat die kerk Daarvan sê, want hulle mag my uitgooi."

95 Dit was nie ons Here nie. Ons Here het gekom om net die wil van God te doen! Hy het die Woord gevolg. En enigiemand met God in hom, sal op dieselfde manier volg. Het Hy gestop? Nee, meneer. Tog, Sy—Sy gewildheid het die heeltyd afgeneem. Baie het nie meer saam met Hom gewandel nie. Hulle het Hom verlaat. Die volgende hoofstuk, het nog omgedraai. En die volgende hoofstuk, het nog omgedraai. Waar was Hy? Op die pad na Gólgota! Maar het Hy ooit gestop? Nee, meneer. Hy het nooit toegegee op God se Woord nie, glad nie. Hy het reguit afgelei met die grootpad. Hy het die padkaart gevolg. Hy, daar was 'n pad voor Hom geplaas, en daardie pad moes Hy bewandel.

96 Elke wedergebore Christen het 'n pad wat voor jou geplaas is. Jy moet daardie pad volg. God merk dit uit. Dis uitgemerk

deur die Bloed. En die Gees leef altyd in die Bloed, want deur die Bloed kom Lewe; Bloedsel is die Lewenssel. Nou volg ons Hom dan, en ons kyk hoe die padkaart ons aanwys, wys watter kant toe ons gaan. Dit was altyd. Dis God se voorsiende weg vir ons. Die Woord is God se voorsiende weg.

97 Wanneer 'n man 'n punt bereik wat hy die Skrif sien, en as gevolg van gewildheid, as gevolg van kerkverband, as gevolg van sy mense wat hom nie toelaat om dit te preek nie, sal daardie man nooit vooruitgaan met God nie. Jy moet terugkom en daardie Woord optel, ongeag van wat dit is. As jy dit nie doen nie, is jy—is jy af op 'n ompad iewers, sal sink in die modderige klei van sonde. Ek daag enige persoon uit.

98 En in my biblioteek daarbo, het ons al die antieke geskiedenisse waarvan ek weet, *Voor-Niceense Vaders*, die—die—die *Antieke Geskrifte* van Joséfus, Hislop se *Twee Babilons*, *Fox Se Boek Van Die Martelare*, nog baie, baie antieke geskrifte. En daar was nooit 'n tyd wat 'n kerk ooit ditself sover gekry het waar dit gestop het met sy geloofsbelydenis, dat God dit ooit weer opgerig het nie. Sy het net daar gesink in die modderige klei. Dis reg. Sy het nooit vooruitgegaan, geestelik nie, het nooit en sy sal nooit. Dit is nie God se program nie.

99 God se program is die Heilige Gees. Dis God se voorsiende weg om dinge te doen. Nou let hierna op. In die dae van Noag . . . God se program is altyd 'n vervolgde weg. Dis waarom mense Dit nie wil hê nie.

100 In die dae van Noag, het hulle godsdiens gehad. Hulle het dit gehad vir tweeduisend jaar, soos ons Christendom gehad het. En daar was kritici, net soos daar nou is. En in die dae van Noag, wat het gebeur? Ons vind dat Noag gestaan het in daardie een deur van die ark, en 'n ark gebou het wat teenstrydig was met enige menslike verbeelding. Dit het nog nooit gereën nie, was nog nooit 'n wolk in die lug nie. Maar God het gesê dit gaan reën. Dit was God se Woord. God het gesê: "Maak 'n ark gereed." En Noag het die ark gereed gemaak, en in daardie een deur gestaan en verlossing gepreek. En dis die enigste geneesmiddel vir verlossing.

101 Wat 'n tipe is dit vandag! Daar is een deur wat lei na God, en daardie deur is Christus. Christus is die Heilige Gees wat in ons woon. En ons staan in die deur van God se ark, van die Heilige Gees, en preek: "Dit is die weg," dieselfde bloudruk waaroor die res van hulle gekom het.

102 Noag was God se voorsiende weg. In die dae van verlossing uit Egipte, was Moses God se weg, sien, 'n bonatuurlike bediening, 'n—'n weg. Sien, Noag het iets gehad wat anders was. Noag het 'n godsdiens gehad wat anders was as al die res van hulle; hy het die Woord van God gehad. En die mense was nie gewoond aan die Woord van God nie. Hulle het hulle

geloofsbelydenisse gehad, hulle het gehad wat hulle wou hê. So dit was—dit was die geloofsbelydenisse waarna hulle geluister het, en nie die Woord nie. Maar Noag het die Woord gehad.

103 Moses het die Woord gehad. Maak nie saak wat die res van hulle gehad het nie, Moses het SO SPREEK DIE HERE gehad. Kyk wat dit bewys het. Hy het tekens en wonders gedoen, en elke teken en wonder het 'n stem gehad. Nou God het gesê: "As hulle nie na die stem van die eerste teken wil luister nie, sal hulle na die stem van die tweede teken luister."

104 Nou die mense vandag, soos hulle was in die dae van Jesus, hulle volg die wonderwerk. "O, Hy mag iets doen wat 'n bietjie anders is. Ek sal nie sien dat dit gedoen word nie. Kom ons kyk of Hy *hierdie* een kan onderskei. Kom ons kyk of Hy dit kan doen." Julle sien, dis hoe Hy maak. Hulle volg net vir die visse en brode. Maar wanneer dit kom by belydenis, gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en die Heilige Gees ontvang, sal hulle nie hulle vinger Daarop plaas nie. Dis reg. En dan veroordeel hulle jou.

105 En hulle het Jesus veroordeel, deur te sê, gesê: "O, U preek teenstrydig met hulle." Dit het Hom nie gestop nie. Hy het reguit voortbeweeg.

106 'n Groot prediker, nou die dag, het sy hande op my gelê, gesê: "Ek gaan vir jou bid, Broer Branham, dat jy nooit iets sal sê teen die manier wat die mense in hierdie kerke lewe nie." Hy het gesê: "Broer Branham, jy gaan hulle laat . . . Jy gaan hulle almal kwaad maak vir jou."

107 Ek het gesê: "Hoe kan ek keer om dit te doen, wanneer my binneste Gees en my siel daarteen uitroep?"

Hy het gesê: "Wel, ek sê niks daarteen nie."

108 Ek het gesê: "Jy kan nie. Jy het miljoene dollars geprogrameer. Jy moet hulle dollars kry. Ek hoef dit nie te hê nie."

109 Die enigste ding wat ek nodig het, is die Krag van die opstanding van die Here God. Dis al wat ons nodig het, die Gees. Staan op die Waarheid! Ek gee nie om hoeveel denominasies Daarteen gaan nie, Dis steeds God se Woord. "Hemel en aarde sal verbygaan; My Woorde sal nooit verbygaan nie. Wie ook al enigiets sal wegneem of byvoeg by hierdie Boek, dieselfde sal uit die Boek van die Lewe uitgeneem word, van hom." Ek glo Dit net soos die kaart dit sê. Dis dit, God se weg!

Moses het die tekens gehad. Hy het bewys dat hy God se dienskneg was.

110 God hou altyd daarvan om deur die mens te werk. Dis God se program om deur die mens te werk. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God werk deur die mens. Hy het die mens Sy

hulp gemaak op aarde. Hy het die mens 'n kleiner god gemaak as Homself.

111 Nou ons is so pas daardeur in die onderrigting, van Génesis 1:26, toe Hy El, Elah, Elohim, die algenoegsame, die selfbestaande Een was. En dan was daar in Hom eienskappe van Vader, Seun, Heilige Gees; nie drie gode nie, drie ampte in Hom wat Hy in daardie bedelings moes woon. Hy was 'n Verlosser, Hy was 'n Koning, Hy was 'n God. Al hierdie dinge moes hulleself uitbeeld. Dis die eienskappe van God, sien, maar, daarin, in Hom aan die begin.

112 En toe God die mens gemaak het in Sy Eie gelykenis, het Hy hom op die aarde geplaas as 'n kleiner god. Jesus het dit verklaar toe Hy gesê het: "Is dit nie in julle wette geskryf, dat julle gode is nie?

As hulle diegene, na wie die Woord van God gekom het, gode genoem het," wat die profete was: "hoe kan julle My veroordeel wanneer Ek sê Ek is die Seun van God?" het Hy gesê. Sien? Hulle kon dit net nie verstaan nie, sien. Maar die mens is hier geplaas met 'n heerskappy oor die aarde. Hy het alles onder sy beheer gehad.

113 Wat Adam verloor het, het Jesus bewys dat Hy herstel het. Hy het die natuur gestop. Hy het die dooies opgerig. Hy, Hy het alles gedoen. "En die wêreld smag vandag," het die Bybel gesê: "na die openbaarmaking van die seuns van God," vir God om weer in Sy kinders in te kom in werklikhede, om dinge werklik te maak. En dit laat die mense struikel.

114 As Satan nie die Waarheid van hulle kan weghou nie, maak hy fanatici van hulle; gooi hulle af na *hierdie* kant en *daardie* kant, en hulle kry allerhande goed, die bloed en olie, en sensasies, wat nie eers Skriftuurlik is nie.

115 Maar bly op die bloudruk! Bly op die grootpad. Bly by die Skrif. Moet Dit nie verlaat nie. Dis hoekom Jesus gekom het, dat die mens nie verlei sou word en afgaan na die kant nie, maar reg in die Woord sou bly. Die groot Sint Paulus het gesê: "Indien 'n engel uit die Hemel kom en enige ander Evangelie gepreek het, as hierdie wat vir julle gepreek word, laat hy vervloek wees vir julle." Ja, meneer.

116 Wel, Satan het afgekom in die tuin van Eden as 'n engel van die Lig, en vir Eva vertel. Wel, hy—hy het nooit ontken nie, hy het gesê: "O, wel, dis alles reg. O, sekerlik, God het dit gesê; maar, jy weet, jy sal meer Lig hê." Ons het soveel Evaligte vandag, en Satanligte, sien, dinge. En die Bybel het gesê: "In die laaste dag, dat, sal die duiwel vir homself engele van die Lig maak." Al hierdie geloofsbelydenisse en denominasies hier, en al hierdie onsin wat aangaan. Wat, die helfte daarvan het nie eers enige Skrif daarvoor, amper nie. Dis reg.

117 Bly op die grootpad. Bly op die padkaart. Gaan op die weg wat die dissipels het, gaan die Woord wat hulle gepreek het. Leef Dit! Getuig Daarvan: "Ek weet dat Dit die Waarheid is!" Tekens in die laaste dae, God wat in die mens woon. Dis God se program.

118 God moet iemand vind wat Hy kan vertrou, iemand waarin Hy kan—Hy vertroue kan hê; en—en wat vertroue in God kan hê, wat Hom kan glo. Julle glo dit, nie waar nie? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sekerlik. God moet iemand vind waarin Hy Sy vertroue kan plaas. En dan, wanneer Hy so 'n mens vind waarin Hy Sy vertroue en Sy Krag kan plaas, 'n man wat die pad sal volg, wat op die kaart sal bly, sien, reguit sal aangaan totdat hy by die plek van die Krag uitkom. Geloof sal hom soontoe lei, omdat hy geloof in die Woord het. Dit sal hom lei na die belofte, en die belofte . . . Hy sal hom na die Krag toe lei, en Krag sal hom na die belofte toe lei. En dan, wanneer hy die belofte kry en begin manifesteer, wat doen dit? Dit verblind die oë van die ongelowige, louwarm, geloofsbelydenis-dienende broer. Dis presies reg.

119 Dis wat Dit daar gedoen het, destyds daar in die dae van Jesus. Hy het gesê: "As Ek nie gekom het nie, sou julle nie sonde geken het nie. Maar noudat Ek hier is . . . " Amen! "Noudat Ek hier is, het julle geen verskoning nie."

120 En, vandag, as God Sy belofte gemaak het, dat Hy die Heilige Gees sou stuur in die laaste dae en hierdie dinge sou plaasvind, kon julle dit betwyfel het; maar noudat Hy gekom het en Dit doen, is die wêreld sonder 'n verskoning. Dit het gedonder oor nasie op nasie, op plek na plek, totdat Dit die aarde oordek het. Dis reg. Hulle is sonder verskoning. Hulle sou Dit nie geweet het as God nie gekom het en Dit gebring het nie. Maar Hy het Dit nou na ons toe gebring, en so dan, in die werklikhede, die werklikhede om die Woord te volg. Die Waarheid te volg! Bly Daarby!

121 "O, ek gaan hier oor na die Baptiste kerk," hulle sê: "ons het die Waarheid." Die Metodiste sê: "Ons het die Waarheid." Nou watter een? Julle is altwee verskillend, watter een het die Waarheid? Gaan af na die Sewendedag Adventiste: "Ons het die Waarheid." Gaan oorkant na die Kerk van Christus: "Ons het die Waarheid."

122 Wel, daar is net een manier om Waarheid te maak, dis, bly by die Woord. Iemand het iewers van die Woord afgegaan. Hulle het 'n gedeelte van die Waarheid, dan gaan hulle en plaas 'n ompad Daarin. Hulle tref die grootpad, en ompad. Bly by die Woord!

123 Praat met hulle oor die doop in die Naam van Jesus Christus. "O, dit maak geen verskil nie."

124 Dit maak wel 'n verskil! Paulus het gesê hy het die mense beveel om weer oorgedoop te word in die Naam van Jesus

Christus. Hy het gesê: "Indien 'n Engel enigiets anders sou sê, laat hom vervloek wees." Dit maak wel 'n verskil!

125 Wat as Moses gesê het: "Ek sal net uittrek my . . . Ek sal net my hoed afhaal in plaas van my skoene. Moeilik om my skoene se gespes los te maak, ek sal net my hoed afhaal en respek betoon"? God het gesê: "Skoene!" En God het skoene vereis, nie hoed nie; skoene, wat Hy gesê het.

126 God beveel dat elke Woord van Hom vervul word tot die letter. Dit moet wees. Jy moet doen wat Hy sê om te doen, want nie een jota of een tittel sal ooit verbygaan Daarvan nie. "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nie faal nie." Dit moet bly. Een, een jota of tittel sal nie verbygaan Daarvan nie, Dit moet alles vervul word.

127 En, nou, die mens was God se onderdaan. Die mens is waardeur God werk.

128 En dan wanneer die mens die Waarheid ontvang, die regte grootpad tref en begin voortbeweeg, en hierdie werklikhede vind, voortbeweeg, wat doen dit? Die ongelowige broer, hy sal na hom kyk, dis asof hy . . . Hy, hy kan Dit nie aanvaar nie. As hy moes, sal hy sy kerk moet verlaat. As hy sy kerk verlaat, staan hy alleen.

129 'n Prediker het vir my gesê, net na daardie onderhoud daarbo, het 'n prediker gesê: "Kyk hier!"

130 Ek het vir hulle op die platvorm gesê, ek het gesê: "Dan, as ek so verkeerd is, daar is honderde predikers hier, kom iemand en leer my wat reg is." Julle het nie enigiemand sien kom nie, het julle? En julle sal nie, want dis nie daar nie.

131 Een prediker, besondere prediker, ek sal nie sy naam noem nie. Hy's 'n kosbare broer. Hy het gekom, het gesê: "Broer Branham, jou bediening, sekerlik, jy kan voortgaan en dit doen. Maar as ons Daardie aanvaar, as ons Daardie aanvaar, sal ons kerk ons wegwys, waarnatoe kan ons dan gaan?"

132 Ek het gesê: "Na die algenoegsame Skuilplek, Christus Jesus! Dis waarnatoe jy gaan. Gaan na Christus toe."

"Wel," het hy gesê: "maar ons bediening?"

133 Ek het gesê: "Jou bediening is net soveel soos enigiemand se bediening, as dit van Christus is, maak nie saak waarnatoe jy moet gaan nie."

134 Gesê: "Wel, as ek so doop, sal hulle my uit my kerk uitskop."

Ek het gesê: "Hulle het my. So dan watter verskil maak dit?"

135 Bly net op die grootpad. Volg net die bloudruk. Sekerlik, gaan net voort Daarmee, maak nie saak wat hulle het nie.

136 Saul het 'n opgeleide leër gehad. Saul het 'n groot intellektuele leër gehad. Hulle, hulle wou Samuel nie hê nie; soos ek hier 'n tyd gelede gepreek het, iewers. Hulle het daardie groot leër gehad. O, sekerlik! Sa- . . . En Samuel het vir hulle gesê, hy

het hulle bymekaar geroep voordat hulle hierdie koning gekies het. God was hulle Koning.

137 En God is ons Koning! Waarom wil ons enigiets anders behalwe God hê? Waarom sou 'n Christen enigiets anders wil hê om hom te lei as die Heilige Gees? Ek weet nie. Ek kan nie verstaan nie.

138 En Samuel het hulle nadergeroep. Hy het gesê: "Ek wil iets vir julle sê." Gesê: "Het ek ooit vir julle enigiets gesê in die Naam van die Here, wat nie gebeur het nie?"

"Nee."

139 "Het ek ooit enige van julle geld geneem? Het ek julle ooit om geld gesmeek?"

140 "Nee, jy het ons nie om enige geld gesmeek nie. En wat jy gesê het, dit het die Here laat gebeur. Ons weet dit."

141 Hy het gesê: "Waarom verwerp julle dan vir God, en wil 'n koning hê? Julle wil soos die wêreld optree."

142 En dit is wat Pinkster vandag doen. Dit wil intellektuele reuse maak. Dit wil die Krag uit die Kerk wegneem. Dit wil 'n denominasie laat groei, meer lidmate inbring. Dis onsin! En wanneer jy 'n man aan 'n geloofsbelydenis verbind, wanneer jy dit doen, neem jy die Heilige Gees weg van hom. Hy sal iewers moet meegee. Die Heilige Gees sal aanbeweeg; die man kan nie, as gevolg van sy geloofsbelydenis. Nou hy het gesê . . .

143 En toe, natuurlik, het Saul sy leër opgelei. O, goeiste. Hy het daardie Israeliete gehad om net enige manier te ken om 'n spies af te weer, of om enigiets te doen. Maar eendag het daar 'n uitdager gekom, ou Góliat. En, broer, dit het toe meer as 'n intellektuele opleiding geverg.

144 Dit het 'n man geverg wat iets geweet het van die bonatuurlike. Maar God het so 'n man gehad. Dank die Here daarvoor. God het altyd iemand. Hy het altyd. Hy het 'n man gehad waarop Hy Sy hande kon plaas. 'n Ou klein rooierige kêreltjie daarbuite, was nie te veel nie, maar hy het daarnatoe gekom en gesê: "Wil julle vir my sê julle sal daardie onbesnede Filistyn die leër laat uitdaag?" En daar was ou Saul, kop en skouers bokant almal van hulle. Al sy intellekuele opleiding het glad nie gehelp nie.

145 Nou het die kerke dit gedoen. Hulle het weggegaan van die Heilige Gees af. Hulle het weggegaan van die Krag van God af. Hulle het weggegaan van die leiding van die Gees af. En ons het . . . Ons het ook seuns van—van Kus. Ons het pas een van ons groot reuse gehad nou die dag, hier oorkant in Afrika, uitgedaag was deur 'n Mohammedaan, oor die Skrif. Wat het gebeur? Hy het gesink soos die ander seun van Kus; geen disrespek teenoor ons broer nie.

146 Maar hulle het 'n man gehad wat geweet het God kan verlos. Hulle het daardie ou Dawidjie daarnatoe gebring, en hy het gesê: "Ek weet niks van jou spiese, jou intellektuele opleiding nie. Maar ek weet een ding. Maar ek weet een ding, ek het buite agter skape aangegaan wat deur die vyand gevang is. Uh-huh. Uh-huh. God het my hulle laat terugbring." Hy het gesê: "Hoeveel te meer sal Hy my toelaat, my hierdie onbesnede Filistyn laat terugbring!"

147 Wat ons vandag nodig het, is mans en vroue wat 'n werklikheid wil hê. Halleluja! Nie 'n geloofsbelydenis nie; 'n werklikheid, dis wat die wêreld vandag nodig het! Nie geloofsbelydenisse en modes nie; ons het werklikhede in God nodig! Die wêreld wil Dit nie hê nie. Die wêreld wil Dit nie hê nie. Hulle sal nie, wil Dit nie aanvaar nie. Maar die Kerk moet Dit hê. God wil hê jy moet Dit kry. Hy is die God van werklikhede. Ja, meneer.

148 Nou die aand, het ek saam met 'n paar vriende gegaan wat nou teenwoordig is, 'n groep van hulle, hierbuite om hierdie, hierdie *Simson en Delila* hier te sien, 'n Cecil B. DeMille produk. Ek het soveel daarvan gehoor. Ek het gedink ek sal uitry, kyk hoe dit lyk. Toe ek dit gesien het, het ek begin wonder wat God ooit in 'n kêrel soos Simson gesien het, in die dae van die rigters.

149 Sien, God gebruik die mens. Glo julle dit? Maar Hy kan net . . . Hy kan net die mens gebruik wanneer Hy die mens kan vind, wanneer Hy iemand kan vind wat Hy kan gebruik. Daar was 'n tyd in die dae van die rigters, waar Hy nie 'n mens kon vind nie. Enigste ding wat Hy kon doen was om net een op te rig, en hy sou 'n rigting inslaan; en dan 'n ander een oprig, en hy sou 'n rigting inslaan. Hy het geen man gehad waarin Hy absolute, volslae vertroue kon plaas nie.

150 En ek het gewonder, wat het Hy in hierdie Simson gesien? Simson was soos baie van ons leiers vandag, 'n rokjagter, wat van plek tot plek gaan, agter vroue aan. Soos baie van ons leiers vandag, soos baie van ons toegeërs op die Woord, laat 'n vrou hulle lei, laat hulle predikers word en sulke dinge. O, goedheid!

151 Ek vra net enige man om Skrif te bring vir 'n vroue prediker. Ek kan dit vir julle bewys in die Ou Testament, soos Paulus gesê het: "Soos die Wet ook sê." Ek het gekyk in die tydsorde van die Ou Testament, gister, en ek het daarin gevind dat, waar hulle 'n spesiale polisie gehad het, dat 'n vrou nie eers in die tweede of derde voorhof kon inkom nie, wat nog van die preekstoel. Hulle het 'n spesiale polisie in die Tempel gehad, om die Heidene daarbuite te hou, en volgende die vroue, en dan het die Leviete gekom, en dan die Allerheiligste. Hulle kon nie eers na die tweede voorhowe kom nie. Dis presies reg. En vandag het ons vroue ons afgode gemaak. Te veel van ons leiers laat mooi vroue en sulke

dinge hulle beïnvloed, laat skoonheid van die—die geestelike vrou, die kerk.

152 Julle weet, 'n vrou is 'n tipe van die Kerk. Ons is die Bruid. Die Kerk is 'n Bruid.

153 Daar is baie bruide. En hulle laat daardie vroue hulle verlei. Die predikers vandag laat daardie kerke hulle aftrek van die Waarheid. En wat doen sy? Sy sny sy hare af, sy sny sy krag af, sy kry haar sin.

154 Nie teen my susters nie. As God 'n man 'n beter ding as 'n vrou kon gegee het, sou Hy hom dit gegee het.

155 Maar nie alle vroulikes is vroue nie, nie alle vroue is nie. Nie alle vroulikes is moeders nie. Nie almal wat kinders het, is moeders nie. Ek het party gesien wat meer respek vir 'n hond gehad het; neem hulle kinders en sit hulle buite op die straat, en lê buite op. Mense wat uitkom met hierdie ou kleertjies en dinge aan, en onsedelik geklee.

156 Ek het mans in die straat sien afgaan, gister. Ek het dorp toe gegaan vir iets, daar het ek gesien man na man, wat afloop in die straat, met sy jong, pragtige vrou, met kleertjies aan, wat verskriklik gelyk het. Dis nie mans nie; dis 'n verwyfde. Enigiemand wat sy vrou so sal laat aantrek, is nie veel van 'n man nie. O, hy mag spiere hê, soos; dis ondier, dis dierlik.

157 'n *Man* is "karakter." Jesus, die grootste Man wat ooit geleef het, Hy was net 'n klein mannetjie: "geen voorkoms dat ons Hom sou begeer nie," maar daar was nooit 'n karakter, ooit, aan die aarde gegee, soos Jesus Christus nie.

158 Ek het party mans gesien, wat tweehonderd-en-vyftig pond weeg, wat geen ons man in hulle gehad het nie. Toe dit kom . . . [Leë kol op band—Red.] . . . nooit so sterk soos 'n perd wees nie. Partymaal het hulle nie 'n perde-verstand nie, so, 'n perde-intelligensie van dinge nie. 'n Perd sou beter weet. Nou, dis die waarheid. Nou, probeer jy net die mannetjie perd die wyfie probeer onteer, en kyk wat gebeur. Die perd het meer verstand. Sien? En die mens het nie soveel verstand soos wat 'n perd het, wanneer dit by baie van die lewe kom nie.

159 En ons noem 'n ou sog, noem haar 'n sog, en 'n ou wyfiehond, 'n slet. En baie van hierdie mooi-gesig-vroue hierrond is laer, in God se oë, tienmiljoen maal, as 'n ou slethond of 'n sog. Dis presies!

160 Dit klink kru, dis waarom mense nie Daarvan hou nie. Dis toe Jesus hulle die Waarheid vertel het, hulle weggedraai het van Hom. Maar die uur het aangebreek, en is nou, dat die Vader iets wil hê wat Hom in die Gees aanbid, en wandel in die Gees, en lewe in die Gees, en die Waarheid vertel.

161 Waarheid stel altyd óf vry, óf bind. As jy gebonde is, dan's jy nie vry nie. As jy vry is, sal jy nie so lewe nie.

162 Jy sê: "Wel, ek het die Heilige Gees," en lewe steeds op dieselfde manier wat jy doen? Iets het met jou gebeur. Jy het nooit die Heilige Gees gekry wat op die Pinsterdag gekom het nie; Dit maak jou anders.

163 "Ek glo nie in praat in tale nie. Ek glo nie in Goddelike genesing nie. Ek glo nie in hierdie dinge nie." Dan het jy nooit die Heilige Gees gekry wat op Pinkster geval het nie. Jy het beslis nie!

164 Hoe is jy gedoop? "Ek is gedoop!" Hoe, in die naam van Vader, Seun, Heilige Gees? Geen wonder jy tree op soos wat jy doen nie! Sien?

165 Paulus het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang sedert julle geglo het?"

166 Hulle het gesê: "Ons het alreeds geglo. Ons is Baptiste." Handelinge 19, kyk of dit nie so is nie. "Ons is Baptiste! Ons is gedoop met Johannes se doop," hy—hy het gesê: "dieselfde man wat vir Jesus gedoop het."

167 Hy het gesê: "Dit sal nie werk nie." Gesê: "Julle moet kom om oorgedoop te word, as julle ooit die Heilige Gees wil kry. Julle mag iets kry wat soos Dit lyk, Iets wat 'n bietjie soos Dit optree; maar dit is nie die regte Ding nie, want, julle moet kom en gedoop word in die Naam van Jesus Christus." En toe hulle dit gedoen het, het hy hande op hulle gelê, en *toe* het die Heilige Gees oor hulle gekom. Hulle het gedink hulle het Dit gehad.

168 En ek wil weet, daardie broer wat hier in die kerk is, of waar dit was, gesê het dat die oorspronklike Grieks nie gesê het: "jy ontvang die Heilige Gees *wanneer* jy glo," gesê het die Grieks het dit gesê. Ek wil hê julle moet weet dat dit verkeerd is. Dis 'n fout; nie eers die Grieks nie, nie die Hebreeus nie, of eers die Aramees nie. Dit het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang *sedert* julle geglo het?" Nie, *toe* julle geglo het nie. So wie ook al dit vir julle vertel het, jy weet net nie waarvan jy praat nie, broer. Sien? Nee, meneer. Jy ontvang die Heilige Gees "nadat" jy geglo het, nie *wanneer* jy glo nie.

169 Die Heilige Gees is 'n gawe van God, wat oor jou kom, wat jou verander en jou heeltemal anders maak as wat die wêreld is en wat die ander mense is. Jy is anders! Hulle. . . Jy hoef nie enigsins anders aan te trek nie, jy hoef nie 'n ronde kraag aan te trek en 'n lang kleed nie. Jy lewe anders. Jy tree anders op. Die Krag van God is met jou. Mense ken jou. Jy is gemerk waar jy ook al gaan. Goed. God ken Syne. Hy merk Syne. Dis reg. Maar jy moet tot die Waarheid kom. Sien.

170 Wat was in daardie Simson? 'n Rokjagter? Sekerlik. Hy was arrogant, ongehoorsaam aan sy vader en moeder. Hulle het vir hom gesê om nie soontoe te gaan saam met daardie vrou nie, daardie Isébel, maar hy wou nie na hulle luister nie. Wat was dit? Simson het krag gehad. Luister nou. Simson was bereid om

sy krag oor te gee. Simson het sy krag aan God gegee, maar hy het sy hart aan Delíla gegee.

171 En dit is soos dit vandag is. Nou, baie manne sal weggaan na die kweekskool en studeer, o, 'n intellektuele reus, al die Grieks en al die res leer; maar, wanneer dit by Waarheid kom, sal hy sy krag van sy geleerdheid aan die Here gee, ja, maar sy hart gee hy aan die kerk, en nie God nie. Dis wat die probleem met die mense vandag is, hulle wil hulle geloofsbelydenisse volg.

172 Hulle wil nie die werklikheid van die Heilige Gees hê nie. Hulle wil nie enigsins anders optree as wat hulle altyd opgetree het nie. Maar wanneer jy 'n Christen word, is jy 'n eienaardige persoon, 'n koninklike priesterdom, 'n vreemde volk, snaakse mense, doen snaakse dinge en vreemde dinge, onbetaamlik vir die wêreld. En wanneer jy in die wêreld is, is jy onbetaamlik vir God. Een is omgekeerd van die ander. Een laat jou maak soos hulle maak in die Hemel, die ander een maak soos hulle maak op die aarde.

173 En die mense wil maak soos hulle maak op die aarde, en dan aangaan en sê hulle gaan Hemel toe, maar watter teleurstelling gaan dit wees. Jesus het gesê: "Daar sal baie na My toe kom, op daardie dag. Hulle sal staan by die tiene van miljoene, en sê: 'Ek het behoort *hieraan*, en ek het *dit* gedoen.'" Hy het gesê: "Gaan weg van My af, julle werkers van ongeregtigheid. Julle het geloofsbelydenisse gedien."

174 As julle gelei was deur die Gees! Alle seuns en dogters van God word gelei deur die Gees van God. Hulle beweeg deur die Gees, snaaks, vreemd. Hulle bly reg, en elke aksie is volgens die Bybel. Hulle bly, al hulle doktrine bly reg by die Bybel. Hulle sal nie afwyk vir een ding nie. Waar die Bybel dit sê, sal hulle reguit aanbeweeg daarin. As hulle vir 'n oomblik stop, probeer hulle bestudeer en kyk watter weg om te neem; en dan openbaar die Heilige Gees dit, en hy beweeg reguit aan. En hy doen dieselfde ding, volg dieselfde reëls, lê dieselfde fondament, dieselfde God kom oor hom, en dieselfde wonders, en dieselfde wonderwerke, en dieselfde tekens volg hom, wat Hom gevolg het.

175 Hy het gesê: "As julle My nie kan glo, as 'n Mens nie, glo die werke wat Ek doen. Glo My. As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie." Sien, daar is werke wat saam met hierdie geloof gaan. "Wys my jou werke (deur jou) sonder jou geloof, en ek sal jou my werke wys deur my geloof," het Paulus gesê. Sien?

176 Nou, wat was in Simson? Hy wou nie sy hart oorgee nie.

177 Vandag, dink mense meer van hulle geloofsbelydenisse, as wat hulle . . . en mense dink meer van hulle geloofsbelydenisse. Wel, nou, ek sê niks teen kerke nie.

178 Ek praat van pinkster! Wat, hierdie kerk leun na pinkster. Dis nie 'n Pinksterorganisasie nie. Ons behoort nie aan enige

organisasie nie, sal nooit. Ons behoort aan Christus. Dis reg. Dan, nou, pinkster is nie 'n organisasie nie. Pinster is 'n ondervinding wat mense ontvang. Metodiste ontvang Dit. Katoliek ontvang Dit. Baptiste ontvang Dit. Enigiemand kan Dit ontvang, maar dis 'n ondervinding.

179 En daar's duisende en duisende, wat hulleself "pinkster" noem, wat nie eers weet wat die eerste boodskap van pinkster is nie. Voordat jy ooit reg kan begin, moet jy op die regte fondasie kom. Jy moet op die pinksterfondasie kom. Wat is die pinksterfondasie?

180 Toe die inhuldiging van die Kerk gegee is op die Pinksterdag, toe hulle hulle in tale sien praat het, en die maagd Maria wat daarbuite optree asof sy dronk is, en al die res van hulle wat rondsteier soos daardie, het hulle gesê: "Wat? Wat's, hierdie? Is hulle almal dronk?"

181 Petrus het gesê: "Hulle is nie dronk, soos julle dink nie, want dis maar die derde uur van die dag. Dit is waarvan gespreek is in die . . . op die bloudruk, destyds daar op die padkaart. Dit is wat die padkaart gesê het. Joël het gesê ons sou by hierdie plek kom, ons sou by hierdie kruising kom: 'Dit sal gebeur in die laaste dae, die laaste twee dae, die laaste tweeduisend jaar, sê God, Ek sal My Gees uitstort op alle vlees. Julle seuns en julle dogters sal profeteer, en op my diensknegte en diensmaagde, julle jongelinge sal gesigte sien, julle ou manne sal drome droom. Ek sal wonders en tekens bo in die hemel gee, en sulke dinge.'"

Hulle het gesê: "Wat kan ons doen om Dit te kry?"

182 Watter soort fondasie gaan jy lê, Petrus? Jy het die sleutels van die Hemel. Hy het gesê: "Bekeer, elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus, tot vergewing van julle sondes, en julle sal dieselfde Heilige Gees ontvang. Die belofte is aan elke geslag wat hierna sal volg, aan julle kinders, en hulle wat daar ver is, soveel as wat die Here onse God sal roep." Daar is die fondasie.

183 Sien, hulle—hulle sal kom en hulle—hulle gee . . . Hulle sal gaan na . . . Hulle sal skool toe gaan. Seuns sal skool toe gaan, om te leer om 'n prediker te wees. Wat goed is, niks daarteen nie, om te leer om 'n prediker te wees, maar, jy kan nie leer om 'n prediker te wees nie, predikergawe is 'n gawe van God. Daardie apostels was slim en so hoogsgeleerd as wat hulle kon wees, Jesus steeds . . . Hy . . . Hulle was nie. Maar Hy wou hulle steeds nie laat preek, totdat hulle die Heilige Gees ontvang het nie. En toe hulle die Heilige Gees gekry het . . . Nou, as jy na 'n kweekskool toe gaan, en die ondervinding wat hulle gehad het op Pinkster, kom oor jou, amen. Maar as jy net uitgekom het deur intellektuele begrippe en, o, 'n meester van Grieks en 'n meester van kuns, en al hierdie verskillende dinge, 'n—'n Baccalaureus Graad, en al hierdie ander dinge. As jy uitkom met daardie grade, gee jy net

die krag van jou geleerdheid. Jy wil jou hart vir God gee. God wil jou hart hê. Ja, meneer. Hy het sy krag gegee, nie sy hart nie. Ja, meneer.

God kan net gebruik wat ons vir Hom gee.

184 Nou daar is baie van julle wat sal sê: "Ek sal vyftien minute gee op Sondagoggend as die . . . As jy enigsins langer as dit preek, sal ek nat, moet opstaan en huis toe gaan." Wel, jy het vyftien minute op Sondagoggend. Hmmph! Dis wat jy vir God gee. Party van hulle het gesê: "Ek kan miskien 'n halfuur verduur. Ek weet nie hoe ek dit kan doen nie." Wel, sien, dis wat jy kry, vyftien minute, 'n halfuur. Sien?

185 Wat kan jy gee? God sal ontvang wat jy gee, maar God wil alles van jou hê. Hy wil elke deeltjie van jou hê. Hy wil alles hê. Hy wil alles hê wat jy is. Hy wil jou lewe hê. Hy wil jou getuienis hê. Hy wil elke minuut hê wat jy lewe. Hy wil hê jy moet reg lewe, reg optree, reg praat, reg doen. Hy wil alles volmaak oorgegee hê aan Hom, dat Hy jou kan lei en begelei, en jou in plekke plaas waar Hy wil hê jy moet gaan. Gelei deur die Gees!

186 Maar mense vandag, sê: "Nou wag 'n oomblik, as my pastoor meer as twintig minute preek!"

187 Ek het dit baiekeer gehoor. Ek het goeie pastore gesien wat weggewys word van kerke, omdat die diakenraad gesê het: "Nou kyk hier, eerwaarde, ons het jou gehuur om hiernatoe te kom. En ons het jou nooit gehuur om hiernatoe te kom en heel oggend op ons te skree nie. Ons wil hê jy, ons—ons het die tyd gestel op twintig minute; die klok lui, en jy beter klaar wees!"

188 Julle weet, ek—ek—ek sou graag 'n kerk soos daardie eenmaal wou hê. Ek sou graag die voorreg wou hê om hulle te vertel wat ek van hulle dink en wat die Woord van hulle sê. Ja. Wel, as dit heeldag sou neem, hou net aan preek. Ja. God wil 'n totale oorgawe hê. Glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] God wil 'n oorgawe hê. Hoe kan God vir jou werklikhede wys, voordat jy jouself oorgee aan Hom? Jy moet oorgee. Luister.

189 Wanneer jy alles oorgee! Julle sing daardie lied: "*Ek gee oor, ek gee alles oor.*" Wat van daardie sigarette? Wat van daardie klere? Wat van daardie humeur? Wat van daardie ander dinge wat daarmee saamgaan? Wat van daardie karaktertjie wat jy het? Wat van daardie skelm ideetjie? Wat van daardie bestraf van enigiemand wat doop in die Naam van Jesus?

190 Wanneer, jy geen plek in die Bybel het waar enigiemand ooit op enige ander manier gedoop is nie. Ek daag enigiemand uit om my enige persoon te wys, op enige tyd buite die Katolieke kerk toe hulle driehonderd jaar na die dood van die laaste apostel begin het, waar enigiemand ooit die naam "Vader, Seun, en Heilige Gees" in doop gebruik het. Kom wys my die Skrif of die geskiedenis. Dis 'n Katolieke leerstelling! Dis nie 'n Protestante nie. Nou, ek kan julle wys in die Bybel, waar die Bybel voorspel,

hulle sou Sy Naam gebruik tot daardie tyd, en uitkom met 'n valse naam dat hulle "lewe," en—en hulle dood is. Ek kan vir julle dit wys met die Skrif. Die Bybel het gesê hulle sou.

191 Hier word Dit gebring reg in hulle gesig, waarom wil mense Dit nie aanvaar nie? Net presies soos hulle gemaak het in die dae van Jesus. Hulle wil nie werklikhede hê nie. Hulle wil 'n geloofsbelydenis hê. Hulle wil iets hê, aangaan, sê: "Ek behoort aan *hierdie* plek. Ek behoort aan *hierdie* gemeente. Ek behoort!" Wat?

192 Jy wil behoort in die Hemel! Dis waar jou hartsbegeertes behoort te wees, op dinge van bo. Jesus het gesê: "Rig jou hartsbegeertes op dinge van bo, nie op dinge van die aarde nie. Hulle gaan faal." Bly by God. Bly by werklikhede. God is 'n God van werklikheid. Hy was altyd, in alle eeue. Enige tyd wat die mens ooit met God gewandel het, het God 'n werklikheid geword wat tekens en wonders en wonderwerke gedoen het met Sy mense. Dis God se doel om dit te doen. Gee alles oor.

193 Net hier in Louisville, Kentucky, nie lank gelede nie, was daar 'n baie gawe familie mense. Hulle het 'n siek babatjie gehad. Gebel om daarvoor te bid. Die dokter het uit die hospitaal uitgeloop. "En wat van die babatjie?"

194 Hy het gesê: "Daardie babatjie is sterwend. Daar is niks anders wat daarvoor gedoen kan word nie." Gesê: "Dit het leukemie." Gesê: "Die babatjie moet sterf."

195 Gedink: "O God, U het dit nog nie gesê nie. U het nooit daarvan getuig nie." Gegaan en met die ouers gepraat, en die ouers het gehuil en gesnik. Hulle—hulle—hulle babatjie was gedaan, sover hulle geweet het. Maar wat het hulle gedoen?

196 Die dokter was reg. Hy, alles wat hy geweet het om te doen, het hy gedoen. Leukemie is 'n moordenaar, en niks kan dit stop nie. Gesê: "Die babatjie gaan sterf."

197 Die ou oupa van daardie babatjie. Julle ken almal die geval. En die ou oupa van daardie babatjie het gekom. Toe hy my hoor preek het oor die doop van die Heilige Gees, het hy gesê: "Ek het onthou jare gelede, wat 'n ou prediker gesê het daar sal 'n tyd aanbreek wat die mense weer die Heilige Gees sal ontvang, en tekens en wonders gedoen sal word." Hy het alleen eenkant in 'n kamertjie ingegaan. Hy wou nie meer by sy seun of sy skoondogter bly nie. Hy het daarbinne gebly, gehuil en gebid. Toe die ou kêrel daar uitgestap het, die sweet wat oor sy kaal voorkop gehang het, sy oë wat geglinster het. Hy het gesê: "Daardie babatjie sal lewe."

Gesê: "Wat?"

198 Hy het gesê: "Dokter, ek respekteer jou as 'n—as 'n man van wetenskap. Ek respekteer jou en jou intelligensie wat jy geleer het, deur mediese navorsing. Maar," gesê: "ek het gebid en ek het

gebid, en ek het gebid totdat ek alles oorgegee het, wat ek gehad het om oor te gee, en die Heilige Gees gesê het: 'Die babatjie sal lewe.'" Dit het. Waarom? Hy het alles oorgegee wat hy gehad het.

199 God het hom beetgekry en kon met hom praat, toe hy gewillig was om alles oor te gee. Dis wat ons kortkom. Julle wil nie julle weë opgee nie. Julle wil nie julle verenigings opgee nie. Julle wil nie die klein kliek waaraan julle behoort opgee nie. Julle wil nie enige tyd opgee nie, julle moet *dit*, *dat* of die *ander* doen, in plaas van om te bid. Julle wil nie dinge oorgee aan God nie. God wil hê julle moet oorgee! Ter afsluiting, wil ek dit sê. Nog baie meer hier wat ek wil sê, maar ek het nie die tyd nie. God wil 'n algehele oorgawe hê. Wanneer jy alles oorgee, dan sal jy uitvind dat waarvan ek praat die Waarheid is.

200 En jy sê: "Hulle sal my uit my kerk uitsit. Hulle sal my nie laat preek nie." Watter verskil maak dit? Dis 'n wetenskaplike organisasie. Waarvan ons praat, is om in die Gees te wandel. God is 'n werklikheid.

201 Wat as Moses sou gesê het: "Wag nou. Ek is geleer in al die bedrewenheid hiervan, towenaars, ensovoorts, in Egipte. Ek kan daardie Egiptenare 'n—'n—'n paar toertjies leer. Ek kan vir hulle sielkunde leer. Ek kan vir hulle etiek van—van baie dinge leer. Ek's 'n meester daarvan"? Maar hy moes alles vergeet wat hy ooit geweet het. En God het net alles uit hom uitgeskeur; het Hom veertig jaar geneem om dit te doen. Maar toe hy God ontmoet het, van aangesig tot aangesig, het hy geweet daar was 'n lewende God. Hy het Hom gesien in die brandende bos, en hy het met Hom gepraat. Hy het afgegaan en self die werk gedoen, hy het nie nodig gehad om 'n leër te hê nie. Hy het afgegaan, met hom en God. Hy het die padkaart gevolg. Hy het God se krag gehad. Hy het God se belofte gehad. Hy het God se Gees gehad. Hy het nie sy etiek of sy geleerdheid nodig gehad nie.

202 Toe Jesus hier op aarde was, moes Hy soek na, weer, om 'n man te vind. Hy het na die hooggeplaastes gegaan, die geleerdes en die intellektueles, kon Hy enigiemand vind? Nee, meneer. Hulle het Hom genoem: "Beëlsebub, die duiwel." Hy kon nie een vind wat Hom wou volg nie. Wat het Hy gedoen? Hy moes die beste neem wat Hy kon kry. Is dit nie 'n jammerte nie?

203 Ek het dikwels dit gedink. En ons sluit af, kerk, luister na hierdie opmerkings. Ek het dikwels gedink wat, wat, waarom, hoe ons onsself ontneem, hoe ons God van Sy plan beroof het, deur nie, ons lewens algeheel aan Hom oor te gee, alles wat ons het, aan Hom nie. Hoedat ons Sy—Sy program geweier het—het. Hoe ons getalm het, en Hom laat wag en wag, en wag het, om iemand te probeer vind waardeur Hy kon werk, om 'n mens iewers te vind waarin Hy vertroue kan stel, 'n mens wat alles sou oorgee.

204 Op ’n verstandige, oordeelkundige manier na God toe kom, sê: “Vader, hier is ek. Ek gee nie om nie, ek gaan die Skrif volg, die bloudruk. Ek gee nie om wat enigiemand anders sê nie, ek sal Daarby bly,” en dit regtig bedoel. “Ek gee nie om wat dit my kos nie, Here. Ek’s niks, om mee te begin nie, maar ek wil hê U moet my lei. En laat die Heilige Gees, wat hierdie Bybel geskryf het, en hierdie beloftes gemaak het, dit terug bevestig deur my lewe. Ek voel dat U my soontoe lei.”

205 “Hier is ek, stuur my,” het Jesaja in die tempel gesê, toe hy die Gérubs gesien het met vlerke oor hulle gesigte, oor hulle voete, en gevlieg het met vlerke. En Hy het ’n vuurkool geneem en sy mond gereinig, toe het die Gees van God oor hom gekom. Waarom kan ons nie? God kan nie sulke mense vind nie.

206 Toe Hy gesoek het na Sy dissipels: “Hy het na Sy Eie toe gekom, Sy Eie het Hom nie ontvang nie.” Hy kon niemand vind nie. Hulle het Daarvoor gewag.

207 Vandag wag die wêreld vir Goddelike genesing. Maar ek gee nie om hoeveel Goddelike genesing jy—jy doen nie, steeds sal hulle jou nie glo nie.

208 Wel, net nadat hulle Jesus geweier het, toe die sewentig weggestap het, het Hy selfs na daardie dissipels gedraai, gesê: “Wil julle ook gaan?”

209 Hulle het gesê: “Waarnatoe sal ons gaan?” Petrus, hy het gesê: “U het die Woorde van die Ewige Lewe.” Sien?

210 En Hy het reguit uitgegaan, en daar was ’n man wat nie eers oogballe in sy oogkaste gehad het nie. En hy het ’n bietjie klei geneem en sy oë gesmeer, hom vertel: “Gaan was in die bad van Silóam.” En, toe hy het, het hy teruggekom sienende.

211 Het dit hulle verander? Het Sy gewildheid toegeneem? Nee. Dit het afgeneem, afgeneem, afgeneem. Waarom? Hy het op die pad gebly. Hy het op die padkaart gebly.

212 Dis dieselfde vandag. Hulle sien tekens, wonders, wonderwerke, en alles wat gedoen word, en hulle sê: “Ag, daardie, daar is niks daaraan nie. Dit sou in elk geval gebeur het.” Sien?

213 Hulle het Lásarus uit die graf opgewek, gelyk asof dit die hele volk sou skud. Die Bybel het gesê Hy sou dit doen. Dit was die tekens wat sou volg. Toe Hy gestaan het, aan die Samaritaanse vrou hier, en gesê het: “Jy het vyf mans.” Dit behoort die hele wêreld te geskud het.

214 En Hy staan vandag in Sy mense, en julle sien Dit, keer op keer, dieselfde ding doen. En hulle sê: “Ag! Uh-huh. Wel, ek reken dit was goed.” Sien, net eenvoudig onbesorgd, geen oorgawe nie. O, hulle sal ’n tydjie gee, nou en dan kerk toe gaan, en so-iets soos dit. Maar wanneer dit kom om ’n oorgawe te maak, nee, hulle sal dit nie doen nie, sal nie oorgee nie. Hulle wil Dit nie hê nie.

215 Toe Jesus die dissipels geroep het, wat moes Hy doen? Die heel ongeletterde tipe kry, manne, manne wat nie eers hulle eie naam kon teken nie. "Petrus, Johannes," die Bybel het gesê: "hulle was onkundig en ongeleerd." Dis wie Hy moes kry.

216 Maar as die intellektueles nie wou nie, hulle nie toe na Hom wou luister nie, sal hulle nie nou na Hom luister nie. Hulle het hulle eie koers. Hulle is op hulle eie pad. En hulle—hulle volg daardie pad, omdat hulle so geleer is, omdat hulle pastore, hulle—hulle biskoppe, en hulle kardinale en—en pouse, en dies meer, hulle gerig het op daardie pad.

217 Maar die Heilige Gees sal jou terugbring na pinkster, elke keer. Hulle het in die Skrif, aan almal, en dit sal in hierdie dag, aan almal. Dit sal jou terugbring na daardie werklikheid. Dit sal jou terugbring na 'n doop van Krag van die Gees, wat jou sal lei en nooit een Woord van die Bybel sal wegneem nie. Dit sal reg in die Bybel bly. Waar dit *dit* sê, sal Dit reguit Daarmee deurvolg. Die Heilige Gees sal. Dit bring 'n werklikheid.

218 Wat het Hy gedoen? Hy moes daardie onkundige vissermanne kry, het nie eers klere gehad nie; net iets om hulle gedraai, visvoorskote, ensovoorts, geen klere nie. So onkundig, hulle kon nie hulle naam teken nie; ongeleerd, geen geleerdheid nie. Maar Hy het iemand gevind. Hy moes iemand kry. Maar Hy het manne in daardie soort toestand gevind, wat gewillig was om oor te gee, wat gewillig was. Hulle het niks anders gehad om aan vas te hou nie. Hulle het nie enige kerke gehad nie, enige denominasies en enigiets nie. Hulle was net onkundige vissermanne, skaapwagters; nie geweet hoe om te skryf nie, het nie geweet hoe om te lees, of niks nie. Maar hulle het niks gehad om te verloor nie, en Hy het by hulle uitgekom en hulle het dit oorgegee. Hulle het gesê: "Wat U ook al sê, Here, ons sal dit doen. Ons sal U volg."

219 Maar toe hulle totaal oorgegee het en hulleself oorgegee het aan God, het God vir hulle 'n pinksterwerklikheid gegee. Hy het hulle na Pinkster gelei, en vir hulle die Heilige Gees gegee. Daar was hulle daar, onder die Gees van God, wat allerhande dwase tekens vir die mense wys, hakkel en hakkel, en aangaan, en probeer om. . . Die Bybel het gesê. Waarop was hulle? Hulle was op die grootpad.

220 Die Bybel het gesê: "Deur lippe wat hakkel en deur 'n vreemde tong, sal Ek met hierdie volk spreek, en dit is die Rus, van die siel. Dit is die ding wat sal kom." Jesaja 28:18, lees dit. "Deur lippe wat hakkel en deur 'n vreemde tong, sal Ek met hierdie volk spreek. Dit is die Rus." Nie Sondag nie; is nie die Rusdag nie. Die Heilige Gees is die Rusdag. Julle Adventiste broers; nie die sewende dag sabbat is die Rus nie. Die Heilige Gees is die Rus! "Deur lippe wat hakkel en deur 'n vreemde tong, sal Ek met hierdie volk spreek. En dit is die Sabbat. Dit

is!" *Sabbat* beteken "Rus." Dit is die Rus, vir die siel, jy het Ewige Rus.

221 Soos God, toe Hy die wêreld gemaak het. Die sewende dag, daarna het Hy gerus. Hy het gerus, Hy het aanhou rus.

222 Wanneer ons in God ingaan, rus ons die heeltyd; nie van een Sondag tot 'n volgende nie. Ons rus, Ewiglik. Ons het Ewige Lewe. Die Heilige Gees gee jou Rus.

223 Nou, hulle het 'n pinksterondervinding gehad, 'n werklikheid van God. Hulle het iets gevind.

224 Laat my nog een ding sê. Geloofsbelydenisse bevredig nie 'n honger hart nie. Geloofsbelydenisse sal nie bevredig nie. As 'n man honger na God, jy vir hom vertel, sê: "Sê die Apostoliese Geloofsbelydenis op, sluit by *die* kerk aan, plaas jou naam hierop, word besprinkel of onderdompel," of wat jy ook al wil doen, dit sal nooit 'n honger siel bevredig nie. Want, hulle was voorbestem, van God, om te soek na Lewe. Hulle was eenmaal die engele, daar was eenmaal 'n engel wat nie geval het nie. Twee derdes van die engele van die Hemel, het geval; dis hierdie bose geeste wat onder die mense werk, baie godsdienstig. Julle weet die Bybel sê dit. Julle was nie altyd net hier nie. Julle was eers elders.

225 Onthou, sonde het nie op die aarde begin nie. Sonde het in die Hemel begin, toe Lucifer geneem het en vir hom gemaak het. . . Hy het gesê: "Ek wil 'n denominasie hê, 'n yslike groot ding maak," gegaan na die noorderland en 'n groter ding tot stand gebring as wat Migael gehad het. En hy is uit die Hemel uitgeskop.

226 En daardie engele destyds daar, daardie geeste. Wel, dis die rede: "Wanneer hierdie aardse tentwoning afgebreek word, het ons alreeds een wat wag." Sien? En dis die rede: "Ons, naam geplaas is op die Lam se Boek van die Lewe voor die grondlegging van die wêreld." "Almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom."

227 Hoe kan jy? "Julle het oë, en kan nie sien nie; ore, en kan nie hoor nie." Geen wonder nie, sien. Daar, al hierdie dinge, sien, wat God destyds daar belowe het, dit was alles . . . Toe ek nou die aand gesê het dat 'n man . . .

228 Jesus het gesê. Die dier wat op die aarde gekom het, die antichris, wat baie godsdienstig was: "so naby dat dit die einste uitverkorenes sou mislei as dit moontlik was." Die groot, hoe die groot organisasie sou begin, en hulle sou ander organisasies kry. Die ou moederhoer; en sy het klein dogtertjies gehad, waar hoere wat uitgegaan het, organisasies. Gesê: "En hulle sou amper die hele wêreld mislei, en sou selfs die einste uitverkorenes mislei as dit moontlik was."

229 Maar dit is nie moontlik nie; hulle name is op die Lam geplaas. "Hulle wat Hy vantevore geken het, het Hy geroep;

hulle wat Hy geroep het, het Hy geregverdig; en hulle wat Hy geregverdig het, het Hy verheerlik." So, daar is nie meer nie, julle sien. Dis reg. Jy kan nie kom as God jou nie roep nie. "Dit is nie hy wat wil of hy wat loop nie; dis God wat beharmhartig is." Dis presies. Dis wat die Skrif gesê het dit is.

230 Dan, hulle wil Dit nie hoor nie. Waarom? Hulle is in duisternis. Hulle wil geloofsbelydenis volg. "Ek is net so goed soos jy." Daar is niks van goedheid gesê nie. Niemand is goed nie. Dis God wat goed is, sien. Maar is jy bereid om oor te gee aan Hom? Dis wat ek dink. Is jy gereed om oor te gee? Sien? Dit sal nie—sal nie 'n honger siel bevredig nie. Luister.

231 Toe, Paulus, hoeveel weet dat hy was 'n—hy 'n teoloog was? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Maar hy was 'n intellektuele reus. Hy, sekerlik, hy is onder Gamáliël onderrig, een van die beste teoloë van die dag. Maar wat het hy gesê toe hy na die Kerk toe gekom het? Lees Twee Korinthiërs 2:4, in Twee Korinthiërs 2:4, het hy gesê: "Ek het nie na julle gekom met voortreflike woorde, die wysheid van mense van hierdie wêreld nie; want, as ek het, sou julle vertroue gebou wees op menslike wysheid, organisasies, denominasies. Maar ek het na julle gekom in die Krag van die Heilige Gees, die demonstrasies. Wat te demonstreer? Tekens en wonders deur die Heilige Gees te betoon. Ek het na julle gekom dat. . . dat julle—dat julle vertroue, dat julle geloof, nie op die wysheid van 'n groot denominasie of 'n kerk sou rus nie, maar dit sou rus op die Krag van die Heilige Gees en die opstanding van Jesus Christus." Die grootste teoloog wat ooit gelewe het, het gesê dat hy alles moes vergeet wat hy ooit geweet het, om Christus te kon vind. En hy het gesê: "Ek preek nie die intellektuele dinge nie. Ek preeek die eenvoud van die leiding van die Heilige Gees. En ek kom na julle, verkondig Dit." Gesê: "Ek kon op die ander manier preek, maar" gesê "my werke en my—my werke is nie om so te preek nie."

232 "Nou, ons sal sien of ons nie nog 'n miljoen kan kry in '34, of '44," of wat dit ook al is, hulle slagspreuke nie. "Ons sal *soveel* lidmate laat aansluit vanjaar!"

233 Hy het gesê: "Ek kan dit doen. Ek het dit so lank gehad, maar ek het weggekom daarvan. Ek kom na julle, nie met voortreflike en oorredende woorde van een of ander teoloog nie. Maar ek kom na julle in die Krag en die demonstrasies van die Heilige Gees, dat julle geloof gebou sou word in die Heilige Gees en nie in die wysheid van sommige manne nie." O, goeiste!

234 God; soek na sulke manne. God soek vandag na manne wat Hy so kan beetkry.

235 Nie lank gelede nie, in Londen, Engeland; 'n wandelinkie geneem. En Engeland is, die Britse Eilande, is so vol mense! In Engeland, kan jy skaars 'n plek vind, kwalik, wat nie 'n huis daarop het nie, en hulle maak hulle groot. . . Soos in Duitsland,

ensovoorts, daar is hulle die ou lande, en die grond is uitgewerk, en hulle het 'n klein tuintjie. In Duitsland en sulke plekke, vind jy nie, in die agterplaas, mooi gesnyde gras en baie bome nie. Jy vind tamaties en boontjies en aartappels, iets om te eet. Hulle moet. En die grond is so vol tot . . .

236 Die engelse soldaatjie wat my rondgeneem het, ons het op bo-oor die heuwel gegaan, ek en Broer Baxter, en hierdie seun. Ons het by 'n plek gekom wat 'n pragtige plek was. Daar was bome, en die groen gras, en alles. Ek het gedink: "Is dit nie 'n mooi plek nie!" Ek het vir hierdie engelsman gesê, ek het gesê: "Meneer, ek—ek wil vir jou 'n vraag vra. Ek sien dat julle eiland hier so vol is. Waarom sou 'n groot ruimte hier, vir verskeie akkers, 'n pragtige plek met bome en 'n vallei en alles soos daardie, waarom sou julle dit los, en niemand sou ooit 'n huis hier bou nie?"

237 Hy het gesê: "Eerwaarde, ek—ek wil dit sê. Omtrent tweehonderd jaar gelede, was daar 'n epidemie van swartwaterkoors, wat hier in Engeland uitgebreek het." En gesê: "Hulle het geen serum gehad nie, en die mense het gesterf soos vlieë." Hy het gesê: "Die waens, het hulle my vertel, het dag en nag gekom. Hulle kon hulle nie eers begrawe nie. Die predikante sou net hiernatoe kom, nou en dan, en sy hande opsteek en bid, en teruggaan. Hulle het hulle almal in hierdie vallei gegooi hier. Hulle kon hulle nie eers begrawe nie." Gesê: "Hulle het gesterf, en hulle het gesterf, tot duisende maal duisende, van kinders, volwassenes, tieners en alles, gesterf het. En hulle het hulle net daar uitgeneem, en toe het hulle net geneem en grond oor hulle gespuit toe die plaag verby was."

238 En hy het gesê: "Weet jy wat?" Hy het gesê: "Van daardie dag af, tot nou, is die Engelsman so seker hy sal nie sy fondasies plant, waar so-iets soos daardie eens was nie. Hy sal nie sy fondasie plant op dinge soos . . . Hy sal nooit sy huis op 'n plek plaas waar dood gelê het soos daardie nie." En ek het 'n rukkie daar gestaan, en ek het gedink. Sou nie help om hom te vertel nie, hy sou dit nie verstaan nie.

239 Maar hoe, in die wêreld, dat 'n mens so opreg kan wees; totdat, as swartkoors, tweehonderd jaar gelede, op daardie grond gelê het. Maar jy is so agterdogtig, en so besorg oordat jy 'n bietjie langer moet lewe, en jy mag swartkoors kry as jy ooit jou huis daar geplant het. En dan sal jy jou Ewige bestemming plant op een of ander mensgemaakte geloofsbelydenis wat honderde jare gelede gesterf het, op een of ander teologie, teologie van een of ander kerk wat op 'n rak gelê het vir honderde jare; nie 'n ding, nie 'n beweging van God in hulle, en al die res nie. En jy sal jou naam en geloofsbelydenis, en alles, reg daarin plaas, en aanhou lewe. Luister, vriend, moenie dit doen nie.

240 "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel kan Dit nie oorwin nie. Die werke wat Ek doen, sal julle ook.

Kyk, Ek is met julle, selfs in julle, altyd, tot die voleinding van die wêreld; Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

241 God is 'n God van werklikheid. Moenie net 'n geloofsbelydenis neem nie. Moenie net 'n sensasie neem nie. Neem 'n Werklikheid! Neem 'n werklike God, iets wat God is, 'n God van werklikheid. Dit gee jou versekering. Dit gee jou hoop. Dit gee jou geloof. Dit gee jou die Gees. Dit gee jou tekens. Dit gee jou wonders. Dit doen in jou net soos dit het in Christus. Want, dit was Sy doel om te kom, om God na die mens toe te bring, en God en die mens een te maak.

242 Maar ons het denominasies geneem, en Hom uitgejaag; geloofsbelydenisse geneem, en Hom uitgejaag, en nou is ons op die ompaaie hier oorkant. Maar daar is 'n ware egte grootpad, en " 'n weg" in die grootpad.

243 Nou aan julle Nasarénerbroers, wil ek graag dit sê. Julle sê: "Die geseënde ou grootpad."

244 Maar dit was nie die grootpad nie, as julle sal oplet. Gesê: "Daar is 'n grootpad, en," *en* is 'n voegwoord: "en 'n weg." En "die weg" is in die grootpad. Nie almal wat op die grootpad is, gaan nie, maar almal wat in "die weg" is, wat gaan. Sien? "Daar is 'n grootpad, en . . . " Lees Jesaja 35: "Daar is 'n grootpad, en 'n weg." Sien? Die grootpad het 'n middel, is die middel van die pad. En in die middel van die pad is waar. En dan, as die reën kom, was dit al die gemors af na die kant toe.

245 Nou as julle sal dophou, wanneer 'n man bekeer word, rig hy, sy oë net reguit op Christus. Nou as jy nie dophou nie, soos ek nou die aand gepreek het, soos in . . .

246 Toe Jakob en Esua gebore is, is hulle albei gebore uit 'n heilige vader en 'n heilige moeder, maar hulle was 'n tweeling. Een, 'n vleeslike man, godsdienstig, het kerk toe gegaan en was 'n goeie man, baie goed. Jakob was 'n klein bedrieër, maar hy het sy sinne gevestig gehad op een ding. Daardie geboortereg het alles vir hom beteken, maak nie saak hoe hy dit moes kry nie. Want, die Bybel het gesê: "Hy is uitverkies voor die grondlegging van die wêreld, om daarna te soek."

247 En daar is mense vandag, ek gee nie om hoeveel gewildheid hulle moet gebruik nie, hoeveel hulle moet verloor, of wat hulle moet doen, maak geen verskil vir hulle as hulle outyds genoem word nie, maak nie saak wat hulle is nie, hulle het hulle oë op Christus, want hulle is uitverkies tot Ewige Lewe. En hulle plant net daar daarop. As dit alles neem, as dit alles kos wat hulle het, plant hulle daar.

248 Die ander is 'n nominale man. Hy gaan kerk toe en voel net so goed soos die res van hulle, gaan huis toe. Sien, dis die Esua lewe, sien. En die ander een is 'n Jakob lewe. Nou daar het jy dit, altwee kante.

249 Plant jou fondasie in Christus Jesus! Wees seker dat dit in Hom is. Hoe kom jy in Hom? Deur hande te skud, deur besprinkeling, deur enige wat? "Deur Een Gees," Een Korinthiërs 12: "word ons almal gedoop in een Liggaam, een Heilige Gees." Gedoop in een Liggaam, waar nege geestelike gawes en vier geestelike ampte lê in daardie een Liggaam. Daarin, het God geplaas in die Kerk, apostels, profete, ensovoorts, in hierdie Kerk. Daarin is daar gawes van genesing, wonderwerke, praat in tale, wysheid, kennis, daar's die dinge wat (die tekens) wat die gelowige volg.

250 Waarom sou jy aanvaar . . . Waarom sou jy aanvaar . . . Wat ek nie kan verstaan nie, waarom sou mense een of ander ou kerklike onkruide wou hê, wanneer die Rots vol heuning is. Goeiste, ek kan dit net nie verstaan nie.

251 Laat ons ons hoofde buig. Wil jy graag onthou word in gebed, te sê: "God, gee my die begeerte van my hart. Ek het die Here Jesus lief"?

252 Ons Hemelse Vader, partymaal na die diens, wonder ek. Waarom slaan die Heilige Gees net die heeltyd na die kerk? Hoe doen Hy dit? Tog, manne gesalf met die Gees kan nie sê wat hulle wil sê nie, hulle moet sê wat die Gees sê om te sê. En ons vind dit in die Ou Bybel, die slaners van die goud, die slaner het die goud geslaan, en die goud geslaan, en sou dit omdraai en dit slaan, totdat al die onsuiwerheid daaruit geslaan was; en hy het dit so lank geslaan, totdat hy sy eie weerkaatsing in die goud gesien het, dan het hy geweet dit was suiwer. So slaan die Heilige Gees die kerk, draai dit om, en veroordeel dit *hiervoor* en veroordeel dit *daarvoor*, totdat Hy al die onsuiwerheid kry, totdat die egte weerkaatsing van Jesus Christus weerspieël word in Sy mense; dat hulle dieselfde Lewe het, dieselfde tekens, dieselfde wonderwerke doen wat Hy het, die weerkaatsing van die Heilige Gees in die mense.

253 God, neem my arme hart. Slaan my, draai my om, enige manier wat U wil, Here, maar laat my Jesus weerspieël. Laat my Hom weerspieël, Here. Laat al die mense hier vandag, Here, laat ons almal U weerspieël; U liefhebbende lewe, U gehoorsaamheid aan die Vader.

254 Ons het hulle so pas vertel dat U gedaal het in U gewildheid. Toe U die siekes gaan genees het, sekerlik, was U groot, mense het U kom sien. Maar wat was dit? Brode en visse. En toe U vir hulle die Waarheid van die Woord vertel het, was hulle onwillig om Daarin te wandel, toe het U gewildheid die heeltyd afgeneem. U het aangehou om wonderwerke te doen, maar U gewildheid het afgeneem.

255 U is 'n God van werklikheid. U was altyd so. U verander nie. Ek bid, Vader, dat die kerk, en al die mense hier wat hulle hande opgesteek het, 'n visioen daarvan sal kry vandag. Laat hulle sien,

Here, dat dit nie die mens is nie. As ons die mens volg, dan is ons ellendig. Maar as ons net die Heilige Gees sal volg, sal Hy ons lei na elke belofte van die Bybel. Mag alles vervul word in die mense se lewens hier vandag.

256 Ek hou babatjies se kleertjies vas, klein baadjies, sakdoeke, pakkies, in my hand. Ons word geleer, in die Bybel, dat hulle van Sint Paulus se liggaam geneem het, sakdoeke en voorskote; en onrein geeste het uit mense uitgegaan, en die siektes is genees. Die mense vandag sien steeds dieselfde God. Nou, ons weet ons is nie Sint Paulus nie, maar U is steeds Jesus. En dit was nie Sint Paulus nie; dit was Sint Paulus se lewe van oorgawe aan Jesus Christus. "Die Here het spesiale wonderwerke gedoen," nie Paulus nie; die Here!

257 Nou, Vader God, ons glo dat ons nie een ding weet nie, baiekeer gekritiseer; voete was, doop in Jesus Christus se Naam, vroue predikers verbied, glo in Ewige sekuriteit van die siel, soos Paulus onderrig het. Het vir die Efésiërs gesê: "Hulle is voorbestem voor die grondlegging van die wêreld, tot seuns en dogters van God." Het vir die Korintiërs gesê dat, dat: "God Esua gehaat het en Jakob liefgehad het, voor hulle eens gebore was, voor hulle 'n kans gehad het om reg en verkeerd te ken," as gevolg van Sy—Sy voorbestemming. Sy voorkennis het Hom laat weet. En, Vader, waarom baklei hulle oor dinge soos daardie, die doop van die Heilige Gees, met tekens en wonders, soos U belowe het, die Bybel wat sê "U is dieselfde gister, en vir altyd"? Vader, ons bedoel nie om te verskil nie. Maar ons . . . om . . . om U diensknegte te kan wees, moet ons U Woord volg. Ek bid, Vader, dat U die mense sal laat sien dat dit nie is om te verskil of selfsugtig te wees, of om iemand te probeer wees wat ons nie is nie. Ons probeer net U Woord vashou. Laat almal dit sien, Vader.

258 En soos ek hierdie klere na die siekes toe stuur, mag elkeen van hulle genees word, Here. Mag U Heilige Gees hierdie demonstrasie van geloof sien, en mag hulle gaan en genees word. Skenk dit, Here.

259 Seën Broer Neville. Seën die kerk, tesame. Seën die Sondagskool, die onderwysers. Seën al die pastore hier. Seën die besoekers in ons poorte.

260 Here, help my. Ek moet vinnig ry nou, om oorkant te wees, om te probeer om 'n hartseer familie te troos; 'n honderd-en-vyftig myl, of meer, daaronder in die land, net 'n klein tydjie om dit te maak. Wees met my, Here. Help my. En mag hierin . . . Nooit, nooit wil ek graag oor 'n persoon praat wat heengegaan het, totdat ek vir diegene, wat daar staan, 'n kans gee om U te ontvang nie. God, skenk dat net baie van daardie arme Kentucky mense, nederig sal oploop na daardie altaar vanmiddag, in daardie Metodiste kerk, en hulle harte vir U gee. Skenk dit, Here. Wees nou genadig.

261 Seën ons, saam. Genees die siekes, en red die verlorenes. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

262 Ek gaan vir Broer Neville vra om die diens waar te neem net vir 'n paar minute nou, om voort te gaan, en ek weet nie wat hy gaan doen op hierdie tydstip nie. En bid julle almal vir my, en ek sal julle later sien. God seën jou, Broer Neville.

*Die Onfeilbare Werklikhede Van Die Lewende God* AFR60-0626
(The Unfailing Realities Of The Living God)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 26 Junie 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2016 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org